



TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jongh Ateliers



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

ISSN 0041-476 X

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J.J. Brits — W.A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P.J. Nienaber

Z.J. Pretorius — P.D. v.d. Walt — M.M. Walters

Mei 1978

Nuwe reeks XVI:2

Inhoud

Hans du Plessis	Kleinwild	1
Louis Krüger	Twee verhale	2
Dawid Engela	Nagelate gedigte en vertalings	7
H.J. Schutte	Visser as parodiemaker	13
Hewitt Visser	Generasiegaping	21
E.C. Britz	Roosdorings	22
Chris Pelser	Uurglas	26
Roger Pieters	Een duidelijke zaak	30
R. Watt, Arie Kuijers, C.J.M. Clarke, Isabel Claassen, M. Rall	Gedigte	38
Sophie Müller	Die rooi haan roep	44
A.-M. Bonthuys	Plan	46
Brenda van Rensburg	Parskuip	47
Zania van Wyk	Die rooi motor op die brug	49
Bert Olivier	Gedigte	52
Elsabe Steenberg	Twee bakkies in die kinderliteratuur	54
Lindé Beer	“Wie is Bonga?”	58
Anon	Boeretroos 1978	64
Literêr-Aktueel		
Wysiging van die Wet op Publikasies		67
Nuwe Afrikaanse Boeke		74

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R5 per jaar. Los nommers: R1,25 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie,

Klei(n)wild

Diep in 'n kleigat kry
ek 'n handjie modderklei
wat ek onder 'n rooibos brei en brei
en met klam vingers van die brein
vormvryf tot elke lyn
van my eie troppie wild verskyn.

Kleinvanaand

As die kafferkraai in dopperkiaat
sy oumeidstories kom verkoop
en die ouson slaat
'n rooipad in die weste oop,

stap die Here op die grond
tussen kierieklapper rond.

*Uit die bundel *Kleinwild* wat eersdaags verskyn by HAUM.

Koms van 'n heilige
(Vir Ina Altena)

Anna Petjrofska het in Negrevski gewoon, 'n klein dorpie in die Oekraïne. Aan aardse goedere had sy nie veel nie, en 'n gesin is haar ook nie gegun nie.

Van haar vyftiende jaar af het Anna Petjrofska in die herberg van Ivan Petjor Tolskejev gewerk. In die oggende het sy vroeg opgestaan, haar eie kamertjie in die agterste deel van die herberg netjies skoongemaak, en dan na die kombuis gegaan om koffie en ontbyt te maak vir die gaste wat af en toe by die herberg oornag het.

Daarna het sy begin om alles in die herberg noukeurig af te stof en blink te vryf. Vir haar was haar werk haar vreugde en haar hart het geswel van trots as die gaste praat van hoe skoon Ivan Petjor Tolskejev se herberg is en hoe smaaklik die ete was.

Saans, as al die skottelgoed netjies blink in die rak staan en sy die gaste in die kroeg kon hoor raas, het Anna Petjrofska stil na haar kamer gegaan, die deur agter haar toegetrek, haar gebede opgesê en gaan slaap. Só was haar lewe dan, en 'n nuwe dag het nooit verandering gebring nie.

Die naaste dorp aan Negrevski was Njegstra; vier dae se reis ver. Van die dorp self het Anna Petjrofska baie gehoor, daarvoor was die reisigers se stemme hard genoeg as hulle in die kroeg lafenis soek ná 'n lang tog. Self sou sy egter nooit soontoe kon gaan nie, al was dit een van haar hartsbegeertes wat sy diep binne-in haar vertroetel het, maar nooit oor gepraat het nie.

Die enigste sigbare verbinding wat Negrevski met die buitewêreld gehad het, was die blink spoorlyn wat dig by die dorpie verbygeeloop het, om dan weer kronkelend in die verste vertes te verdwyn. Af en toe het daar 'n trein verbygekom, en nog meer selde gestop. By sulke geleenthede was die herberg vol mense uit vreemde plekke, en het daar weer lewe in die klein dorpie gekom.

Soms, wanneer dit stil was, het Anna Petjrofska langs die spoor gaan staan en met verlangende oë die blink gang daarvan gevolg, van waar dit in die verte verskyn, tot waar dit oor die laaste horison verdwyn. Op sulke tye was dit dan of daar iets in haar binneste geroer het, sonder dat sy mooi geweeet het wat dit was.

Met die kom en gaan van die dae het Anna Petjrofska stilweg, byna ongemerk, ouer geword. En namate haar jare meer geword het, was dit asof daar 'n soort opstandigheid in haar gekom het; iets wat sy nooit vantevore geken het nie, en wat haar bang gemaak het.

Eendag het 'n groot opgewondenheid besit geneem van die inwoners van Negrevski. Berig is ontvang dat vader Georgi Demetrof uit die Groot Stad op reis was deur die Oekraïne en by hulle dorp sou aandoen. Hy sou hulle nou wel nie — uitgeput deur die lang reis — toespreek nie, maar net die wete dat hulle 'n man soos vader Demetrof in hulle midde sou hê, het die inwoners van Negrevski laat swel van trots en afgagting.

Met groot gewoel is daar voorbereidings getref. Elkeen het probeer om sy huis nog netjieser te kry as die ander, die plein in die middel van die dorp

is met linte verfraai, en selfs die strate is deur die jongmanne met harde besems skoongevee.

Van al hierdie dinge het Anna Petjrofska skaars geweet, want nog die besigste van almal was sy. Toe Ivan Petjor Tolskejef haar meegedeel het dat vader Demetrof in hulle herberg sou oornag, het sy haar hande voor haar saamgeslaan en haar kop in ongeloof geskud, en twee keer weer moes hy haar verseker dat sy woorde waar was. Eers tóé het Anna Petjrofska geglo, en soos 'n mal mens aan die werk gespring om alles reg te kry vir vader Demetrof.

Teen die laat namiddag het die trein aangekom, en al die inwoners van Negrevski het langs die spoor vergader, behalwe Anna Petjrofska. Vir geen oomblik sou sy dit waag om selfs haar oë af te neem van die bakke stomende kos in die koshuis of die netjiese gedekte tafel in die eetkamer nie. En niemand anders sou sy toelaat om naby te kom nie, ook nie die dogter van Igor Marganof wat haar in die laaste tyd gehelp het met die take in die herberg nie.

Vader Demetrof en sy gevolg het reguit na die herberg gekom. Sy groot, breë figuur was vooroor geboë, en dit was duidelik dat hy moeg was van die lang reis. Op 'n eerbiedige afstand het die inwoners gevolg, en voordat vader Demetrof die herberg binnegegaan het, het hy sy hande seëndend oor hulle gelig.

Nog nooit vantevore was die tafel só mooi gedek en die kos só geurig soos daardie aand nie — nogtans het Anna Petjrofska se hande gebewe en het sy haar verbeel álles is verkeerd terwyl sy skugter in die kombuis gewag het dat vader Demetrof en sy gevolg moes kom aansit. En ook toe sy die kos moes opdra en voor vader Demetrof op die tafel plaas, het sy haar oë stip voor haar gehou, want sy was bang dat dit voortvarend sou wees as sy hom sou aankyk.

Nadat sy die kos op tafel gesit het, het Anna Petjrofska stil langs die deur gaan staan. Binne-in haar het daar 'n stryd geheers. Miskien was dit onbetaamlik van haar om nog in die vertrek te vertoef nadat sy klaar was met die bediening, maar aan die ander kant kon sy haarself nie wegskeur van vader Demetrof se teenwoordigheid nie. Met haar oë het sy onderlangs elke beweging van die vader dopgehou, en haar asem was kort van opgewondenheid.

Eindelik was die ete verby. Vader Demetrof en sy gevolg het opgestaan, hulle stoele netjies langs die tafel reggeskuif en rustig oor die lengte van die vertrek na die deur toe aangestap gekom. Anna Petjrofska het bewegingloos bly staan, haar hande nederig voor haar skoot gevou en haar oë stip op die grond gerig.

Toe hulle by haar kom, het vader Demetrof vasgesteek. Hy het haar harde, skurwe werkershande in syne geneem en sy stem was vertroostend. vaderlik toe hy sê: “God seën jou, Moedertjie.” Toe het hy verder gestap na sy kamer om te gaan uitrus vir die vermoeiende tog wat voorlê.

Ná daardie dag, wanneer die gevoel van opstandigheid en ontevredenheid by haar opgekom het, het Anna Petjrofska haar hande voor haar bors gevou en haar oë gesluit. Sy kon dan weer vader Demetrof se sagte aanraking voel, sy stem hoor, en haar lippe het saam geprewel: “God seën jou, Moedertjie.”

En op haar gelaat het 'n uitdrukking van rus en tevredenheid verskyn; 'n dankbare aanvaarding van dié dinge wat haar beskore was.

Buite het die Kinders gespeel

Ons het besluit om die kinders by die huis te laat. Ná die eerste kwartier van die diens raak hulle gewoonlik krielig en dan het Marie haar hande vol om hulle stil te hou. Veral op 'n begrafnis is so iets steurend — die stemmigheid is iets heiligs; deel van die ritueel.

En tóg was alles nie so morbied as wat ek my voorgestel het dit sou wees nie. Doodeenvoudig omdat daar te veel mense was, en kinders ook. Daar was byna meer vreemde gesigte as bekendes — die helfte van die plaaslike ouetehuis se inwoners is per bus aangery, want Ma was 'n bekende op die dorp en haar dood het skielik gekom.

By die graf was dit juis die eerste rede tot struikeling vir Krisjan toe hy die bedankings moes doen.

Liewe vriende, het hy begin, en 'n paar oomblikke gehuiwer. Liewe vriende... Dominee... familie wat van ver gekom het, en... Hy het verward rondgekyk en oor sy lippe gelek. Op daardie oomblik het ek skielik besef dat Ma se dood hom meer moes getref het as vir enigeen van ons vier kinders. ...en belangstellendes, het hy eindelijk haastig bygevoeg, dit is my taak... Ek het gespanne na sy stem geluister en geweet dat hy sou begin huil voordat hy die middel van sy bedankingsrede bereik. Dit het my ongemaaklik laat voel. Die geleentheid het uiteindelik meer gelyk na 'n Nagmaalsdiens as 'n begrafnis. Behalwe natuurlik vir die swart stasiewa voor die ingang.

Toe ons die kerk verlaat, het 'n misreën uitgesak. Die fyn druppels het 'n klamheid in ons klere en op ons gesigte gelaat.

Met die sak van die kis kon ek Marie se liggaam liggies teen myne voel bewe. Haar een hand het die agterste pant van my baadjie vasgehou en sy het onder my armolte aangeleun, sodat ek 'n keer of wat byna my balans verloor het. Ek het vaagweg gewonder of sy van die koue bewe of van ontsteltenis. Sy moes moeg gewees het, want die vorige nag het ons min geslaap en die kinders was woelig.

Ná die begrafnis was daar die ete by die ou huis. Vir die tweede keer die dag het ek die gevoel gekry iets skort aan die atmosfeer. 'n Vlughtige oomblik het dié gewaarwording gegrens aan ontnugtering, toe was dit weg. Rhyna het die kos met die hulp van twee van haar bediendes voorberei. Van die vier kinders is sy die een wat die meeste onthaal — Willem se beroep dwing haar daartoe.

Ten spyte van die ekstra deel wat ingeskuif is in die geelhouttafel se blad, was die plek nog te min. Marie het styf teen my linkerarm gesit.

Op die grasperk agter die huis kon ons die kinders hoor speel. Dit was in die middel van die kwartaal, nogtans het Krisjan en Dreyer met hulle hele gesinne gekom. Hulle sou vroeg die volgende oggend weer vertrek, wat 'n verlies van slegs drie skooldae vir die kinders sou beteken.

Marie het teen my arm gedruk.

“Ons moes die kinders saambring het,” het sy met haar mond byna teen my oor gesê. Ek het lank na haar gekyk en toe my skouers opgetrek. Miskien was sy reg — ek was self bekommerd oor die kinders.

Niemand het uitermate hard gepraat nie, nogtans het die beknoptheid van die vertrek en die voortdurende gekletter van eetgerei die atmosfeer byna gesellig gemaak.

Die ete het lank geduur. Daar was baie vir wie ingeskep moes word, en

sels nadat die nagereg bedien was, wou niemand aanstalties maak om op te staan nie. Keer op keer het ek my betrap dat ek terugdink aan die Sondagmaaltye uit ons jeug — 'n bruingebraaide skaapboud waaruit die sous gedrup het wanneer die skywe afgesny word, sonbruin aartappels, stomende boontjies met reepe spek in, geelrys en rosyne, patats met spikkels kaneel op, effens waterige pampoen waarvan die geur die vertrek oorheers het, skilferkorshoenderpastei, roomys met sjokoladesous. En koffie om die ete mee af te rond. Net die rooiwv was nie uit ons jeug nie.

Soms was daar iemand wat oor Ma gepraat het. Doelbewus, met 'n poging om die opmerking nugter en alledaags te laat klink. Die dood moes aanvaar word. Veral tussen volwassenes.

“Ek is bly Pa leef nie meer nie. Hy was altyd so hulpeloos sonder Ma,” het Rhyna gesê en ongemaklik gegiggel. 'n Ruk lank het niemand weer iets gesê nie.

Marie was haastig om ná ete te vertrek.

“Ek is bekommerd oor die kinders, Kobus. Ons kan hulle nie die hele dag by die bediende laat nie,” het sy sag gesê terwyl ons opstaan.

Die weer het begin opklaar. Grys vlae wolke het laag oor die aarde gedryf, met kolle blou lug tussenin. Dit was kort voor die winter. April.

Die kinders was uitgelate toe hulle ons sien — die oggend in die huis by die oppasster het hulle krielwig gemaak. Karel-Jan het een van die blompotte in die sitkamer gebreek, maar Marie het afwesig geluister terwyl die meisie van die voorval vertel en niks geantwoord nie.

Die reën was verby en ek het die kinders aangesê om buite te gaan speel. Ek het aangebied om die oppasster huis toe te neem, maar sy het reeds 'n geleentheid gehad.

Van die bure se kinders moes oorgekom het, want ek kon hulle luidrugtige stemme buite hoor. Marie het in die kombuis rondgedwaal en kortkort by die venster uitgekyk. 'n Keer het dit gelyk asof sy na die agterdeur wil loop, maar halfpad het sy vasgesteek en omgedraai.

Dit was 'n weersdag en ek het oorbodig gevoel by die huis — byna ontuis. Ek het oorweeg om die gras te gaan sny, toe die gedagte weer laat vaar.

“Gaan sê die kinders moet inkom,” het Marie meteens skor gesê.

Ek het vraend na haar opgekyk waar sy voor die venster staan. Haar hande het roerloos op die vensterbank gerus en daar was 'n trek van verwildering in haar oë. Ek het verwag sy sou enige oomblik in 'n histerie uitbars. Niks het gebeur nie.

“Ring o' ring o' rosy!” kon ek die kinders buite hoor sing-praat. Hulle stemme was ineens buitengewoon helder in die laat namiddag. In my verbeelding kon ek hulle in 'n sirkel sien dans, die handjies styf inmekaar geklem. Ek het opgestaan en die deur oopgemaak, tot op die rand van die agterstoepie geloop.

“Hush! Hush! All fall down!” het die kinders gejuel en op die gras neergeval. Hulle skaterlag het verstil toe hulle my sien. Met groot oë het hulle na my gekyk. Die son was aan die sak en die lig teen die horison was bleek, byna onnatuurlik blou. Ek kon die koue aandlug teen my wang en op my hande voel. Die namiddag het na nat gras geruik.

“Karel-Jan, Rosa! Kom huis toe!” My stem was strenger as wat ek wou.

Die kinders het 'n rukkiewe roerloos bly sit, toe het 'n seuntjie van die bure opgespring en huis toe gevlug, met sy maats agterna.

“Maar Pappa ons wil nog spéél!” Daar was 'n klaerige toon in Rosa se stem.

“Ek praat nie weer nie. Kom huis toe, dadelik!”

Rosa het begin huil, nogtans het hulle althuis orent gekom. Ek het omgedraai. Marie het nog steeds voor die kombuisvenster gestaan. Haar lippe was opmeekaargeklem, maar die blink van die ruit het verhoed dat ek die trane in haar oë kon sien.

Ek het gewag totdat die kinders by my was, toe na binne gegaan. Marie was nie meer in die kombuis nie en ek kon ons slaapkamerdeur op knip hoor gaan. Dit het by my opgekom dat Marie niks vir aandete berei het nie, en ek het vir die kinders graanvlokke met warm melk gemaak. Self was ek nie honger nie.

Ek het die kinders vroeg in die bed gesit. Hulle het nie teëgepraat nie; my net verwykend aangekyk terwyl ek na die deur loop om die lig af te skakel. Marie was nog steeds in die slaapkamer, reeds uitgetrek. Ek kon sien dat sy gehuil het, en haar hare was deurmekaar. Vaagweg het ek my verwonder dat sy haar dit so aangetrek het — dit was immers my moeder. Toe het ek onthou hoe geheg hulle sedert ons troue aan mekaar was.

Nadat ek die lig afgeskakel het, het ons vir 'n lang ruk roerloos langs mekaar gelê. Ek wou praat oor die dag se gebeure, maar kon niks vind om te sê nie. Ons asemhaling was die enigste geluid in die stil vertrek. 'n Keer het ek my verbeel ek voel haar skouers ruk, maar sy het weer stil gelê en ek het begin twyfel aan die beweging.

Skielik het Marie op haar sy gedraai en haar liggaam teen my aangedring. Haar een hand het tussen die lakens na myne gesoek en met die ander het sy krampagtig in my bors gegrawe, sodat haar naels my seergemaak het. Ons vingers het in mekaar gestrengel en haar asemhaling was gejaagd. Nog steeds het ons nie gepraat nie.

Later het ek die kerkhorlosie in die verte hoor slaan — twaalf dowwe slae. Ek het my kop gedraai en na Marie gekyk. In die flou lig wat deur die venster na binne geval het, was haar gelaatstrekke rustig, met 'n tevredenheid byna soos dié van 'n kind.

Sy het geslaap.

Nagelate Gedigte en Vertalings

Homecoming to Africa

Straight over one-way roads across the barren, sun-drenched plains
unsmiling travellers fix their dark eyes on the distant hill;
slowly the dusty, barefoot miles creep by: their goal remains
an old desire which patient, trancelike strides will soon fulfil,
now that with every step the timeless valley's shade draws near.

Mother of men! Great continent of darkness and of light,
above whose heat-hazed hills the warriors with shield and spear
cried blood and war at noon, pour down the cooling night!
Grant that your children's aching limbs and searing hearts may lie
restored to soil and roots around the tribal fires, and guide
each soul that soars into the blackening vastness of your sky:
guide each among the spirits of the fathers who have died,
open your earth, my land, to me. Mother, open your womb:
receive and cradle me to sleep once more. Your son is home.

28.6.1964

* Die bekende Afrikaanse musikus, Dawid Engela, is op 30 Oktober 1931 gebore te Florida, Transvaal, en op 25 November 1967 in 'n motorongeluk naby Laingsburg oorlede. Nadat hy in 1952 die graad B.Mus. aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal het, bring hy die tydperk 1954—1963 in die buiteland deur, waar hy aan die Akademie für Musik und Darstellende Kunst, Wenen, die Universiteit van Wenen, en die Royal College of Music, Londen, studeer het en o.a. besondere belangstelling vir komposisie getoon het. Terwyl hy aan die B.B.C., Londen, verbonde was (1956—1963) is sy *Ses Afrikaanse Liedere vir stem en klavier* vir die eerste keer in Londen in 1957 uitgevoer. Dit het toonsettings van ses gedigte uit *Die halwe kring* van N.P. van Wyk Louw behels. Vir hierdie eerste uitvoering het Engela die gedigte self vertaal, met hierdie aantekening in die program daarby:

"The following translations of the six poems from 'Die Halwe Kring' miss the poetic splendour of the originals; if in some lines the English versions do not even manage to give the literal meaning of the Afrikaans, this is because they were made by the composer for the use of singers unfamiliar with the Afrikaans language and had to be fitted to the vocal parts of his musical settings. It is hoped, however, that they will at least provide the listener who does not understand Afrikaans with a clue to the spirit of the original poems."

Die vertalings toon egter onmiskenbare literêre aanleg by die komponis: 'n indruk wat bevestig is deur nagelate gedigte van Dawid Engela wat deur sy moeder, Mev. S. Engela van Boksburg, aan die *Tydskrif vir Letterkunde* beskikbaar gestel is. Hierdie keuse uit die nalatenskap laat sien hoe vaardig die komponis/digter in Engels en Afrikaans gewerk het, sodat hy selfs meermale (vgl. *Raad in nood* en *Counsel*) sy eie verse "oorgedig" het vanuit die een taalvorm in die ander.

Die Redaksie erken met dank die hulp van die Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek van die R.G.N. vir biografiese e.a. besonderhede.

Vertalings uit Die Halwe Kring

1. Before daybreak (Voordag)

O shimm'ring joy, then flow
from this clear, silv'ry day:
my heart is open, thirsting
here on its waiting way
— a shadow, vaguely stirring
among the brighter shades—
still hesitant and fearful
of light as darkness fades,
yet passionately yearning
for you and for your power,
and trembling, e'er despairing
of every barren hour.

2. The dazed one (Die verslaene)

Fine and silv'ry phrases
one by one I string
on the thin, bare threads of
my inactive, listless
hours of idleness;
am I spent then, is this merely
the withdrawing of all my strength to
tranquil pools of rest alone,
or of mystical growth the
stirring and the longing from its
secretive recess?

3. Restless night (Nagwaak)

Is this your footstep's approach I hear,
or merely the swishing rain?
What penetrates the silent shell
in which, alone, I'm lain?
Will all the sorrow someday end
and finally vanish within my breast,
or will't, with the passing of years, return
to disturb this, my slumbering rest?

Suddenly restlessness loudly sounds
and passionate longing awakens again,
how can I think I hear differently
when within my heart is this sombre refrain:
that all the lonely suffering
fulfils no desire utterly;—
yet ev'ry awak'ning brings knowledge of
the sorrow of living over me.

The night is silv'ry outside
with lamplight and with rain,
and all the blind, shatt'ring feelings
reveal themselves again:
ev'rything here is forever
precondemned to an isolate plight;
at last, then, I sink through the soft wind
to distant night.

4. Wild terror (Paniese angs)

God, this terror, this terror,
this vannot yet be Thy ultimate revelation;
all this confusion of my senses,
all this stark, terrible fear;

that I fear not the destruction of my body,
but in me Thy tremendous straining;
thus willst Thou destroy my strength,
Thou strikest and strikest on my doorways

till I shrink back as the ocean's current
from Thee in my need immense:
Thou risest, God, to my palate
with the salt taste of Thy death.

5. Since you yourself... (Omdat jy self...)

Since you yourself glitter like steel,
transparent as sheer crystal, pure
in all your utt'rings, all your thoughts,
and with your feet tread firm on earth

making your progress subtle and
sure like the wind or like flowing water—
thus you bend my still hesitant will
towards things strong and clear and certain.

6. You were a child... (Jy was 'n kind...)

You were a child, and all the tranquil
knowledge
of blood and maidenliness was in your
glances,
your passions were a portion, accurately
measured, of your earthly gladness and
the noble
course of your hair and your breasts against
the wind
was timid, with a distant, earthy fear;
of every joy you found the final way
and where you've been will always joy
remain.

Therefore you are (in supposition, vaguely)
as in the deep earth waters stagnate dark
in all my thoughts, in my suppressed anger
with living and with fate, in all my dreams
of greater beauty and human sorrows all.

Raad in nood

Die wêreld is genadeloos en jou met luid geterg
tragedie uit. Bepaal vooruit wat jy moet ly.
Ween stil in die geheim, en laat jou traan verberg
vir almal wees. Dra ín jousef jou kruis: lyk bly.

Slegs smart kan ons veredel. Opregte smart alleen
is groots en suiwer. Leer haar lief te kry.
Laat sy jou muse wees, as jy verlate voel en een-
saam in jousef gekeer, jou lewe sien vergly.

Sy word van Bo gestuur, en die verhewe woorde
wat sy sê, moet jy leer verstaan, want sy
besig in daaglikse omgang slegs dié bekoorde
taal van hemelinge, sy wat jou bruid vervang.
Bid God ook nederig dat sy vir jou mag bly
'n maat, standvastig, en dat jy verder niks verlang.

16.9.1966

Counsel

The world is pitiless and lewdly jeers
all tragedy. Anticipate your loss.
Weep silently, in secret. Hide your tears
and so become accustomed to your cross.

Alone grief can ennoble us. She only
is grand and pure. Then learn to love her now
to be your muse, when you are left and lonely
and lay the last green laurels on your brow.

She will be sent from heaven. The seraphic
language she speaks in, you should learn, for she
can talk no other in your daily traffic
when you receive her to replace your bride.
Pray humbly too, to God, that she may be
a constant, kind companion at your side.

Aan die musiek

Ek wil vannag so graag aan jou iets bied:
'n kosbaarheid, gehul in 'n soet lied
se melodie wat met 'n nuwe klank
dit wat jy daagliks vir my nuut is, vol
en skoon gestalte gee. Nou sit ek lank
en worstel met taai denke wat steeds stol.
Ek stoot 'n traë pen oor kleefpapier
en sien die skrif vervloei: 'n skip
se vae stormseespoor. My hart en klier,
hoe ek hul ook beproef, skei slegs die drup
van uitgewerkte, ou formules af.
Die dag breek, en ek staan voor jou met leë
hande. Ek het niks om aan jou te gee
as net myself: van nou tot aan my graf.

8.11.1966

To music

You, then, my first love, are to be my last.
For only you were eager to receive
the weary refugee, who had been cast
aside, and was too tired to believe

that anything was left to him. Then you
miraculously sprang from deep within
and set his soul upon the path of true
enchantment once again: O music, in

whose mystic regions I feel free again
to be what I am here to be, to live,
to sing, to breathe, and with each breath

of your pure air, to know that joy and pain
are but vague shadowings of what you give
in one full harmony of life and death.

Visser as parodiemaker

Parodie word gewoonlik gedefinieer as onvanpaste, wat ook wil sê komiese, nabootsing van een of ander model. Dit word verder in verband gesien met twee ander gelyksoortige literêre wyses van nabootsing: travestie en karikatuur. Al drie hierdie wyses van nabootsing kom voor in Visser se geestige poësie met parodie as toonaangewend.

In die Engelse literatuurbeskouing is dit al gebruiklik om te sê dat "burleske" die generesie begrip is m.b.t. bogenoemde wyses van nabootsing. Aan die een kant is daar die parodie wat die styl en die vorm van 'n model of ernstige onderwerp van toepassing bring op 'n onwaardige of onbenullige onderwerp. Hier kry ons te doen met hoë burleske wat 'n onbenullige onderwerp dus op 'n skyn-ernstige wyse voorstel. Aan die ander kant is daar travestie wat op 'n aggressief familiêre wyse wil afreken met 'n waardige of ernstige onderwerp. Dit weer is lae burleske wat 'n ernstige onderwerp probeer aftakel deur dit grotesk te oordryf of deur dit met onvanpaste plat-taal aan te val. Karikatuur kan in albei vorme van die burleske aangewend word. Hierdeur word die onderhawige onderwerp, hetsy waardig of onbenullig, doelbewus oordryf en/of skeefgetrek voorgestel.

Karikatuur wat klugtig opereer, vind ons met die volgende strofe uit "Vet":

Verlede Sondag in die kerk
Merk ek nog weer die wonderwerk,
Die eienaardigste geval:
sy *wou* gaan sit, toe sit sy al!

En tog het die klugtige hier iets weg van die ware parodie: eerstens as gevolg van die spel-element soos teweeggebring deur die woordspel "eienaardigste geval" (die letterlike betekenis word op die spel geplaas waardeur ook, in die lig van die slotreël, die perspektief van die verlede tyds-vorm (*ge-val*) geopen word); tweedens as gevolg van die verhewene wat ter sprake gebring word deur die banaal liggaamlike gegewe in verband te bring met 'n wonderwerk. Hierdie verhewe omlysting van die klugtige bereik egter eers sy hoogtepunt in die voorlaaste strofe:

Suid-Afrika! So moes Van Wouw,
Presies soos jy, jou beeltnis hou:
Swaar die Verlede agter, hoor,
Maar groter nog die Toekoms voor!

Hoe durwend Visser die banale met die verhewene kan laat gepaard gaan, blyk uit die eerste strofe reeds:

As ou tant Siena straat-op loop
Om antipon of spek te koop,
Sê dié wat pad maak: Dank die Heer!
En sit hul sware stampers neer.

Dis opmerklik hoe dikwels Visser van die Bybel gebruik gemaak het in sy geestige poësie. Dit neem die vorm aan van 'n spel waarmee 'n gegewe vanuit die Bybel ontnem word van sy verhewe status. Het ons hier te doen met travestie? Ons kyk eers na "Nat en sap":

Toe Noag strand teen Ararat,
Die Ark begin in puin raak,
Toe sê hy: "Aarde, maar dis nat!
"Nou kan 'n mens weer tuin maak!"

"Het ek nie met die Ark geswoeg,
"Was ons ook in die pekel.
"Aan water het ek nou genoeg...
"n Lewenslange hekel."

"Kom, Sem en Gammie, maak nou gou
"Vir Pa mooi reguit slootjies;
"En, Jaaf, my kind, kom plant jy nou
"Vir Pa die wingerdlootjies."

Die kromhout groei, en Noag skink
Sy sap 'n bietjie later:
Daarin is sedert meer verdrink
As in die Vloed se water!

Teenoor die streng, bomenslike oordeel van die Bybelverhaal, vind ons hier 'n lewendige, menslike voorstelling wat van louter aardsheid getuig. Insiggewend van hierdie perspektiefverandering is Noag se uitroep: "Aarde...!" J. Podbrey se vertaling hiervan: "My God...!" (uit *A.G. Visser — Selected verse*, bl. 59) val buite die toon van die ondermaanse perspektief. Maar dat hierdie gedig wel in ooreenstemming is met die Bybelverhaal wat die dronkenskap afkeur, word in die slotstrofe bewys. Die afkeuring geskied egter in ooreenstemming met die toonaard van die gedig, naamlik op geestig-komiese wyse: die konteks van die sondvloed ("nat") skuif in sy "verdrink"-aspek oor die konteks van die dronkenskap ("sap"). En uit die aard van die veralgemening van die twee slotreëls sê "nat" en "sap" 'n tweede maal hul sê op 'n geestige wyse. Nou dui dit die noemname van die destydse twee politieke hoofpartye van S.A. aan ("Nat" en "Sap"), wat hier van toepassing gebring word op die mense wat in hierdie partye reeds ondergegaan ("verdrink") het.

Hoewel die Bybelse gegewe getransponeer word na die "low mimetic mode",¹ word dit egter nie hierdeur neergehaal nie. Daarom het ons by Visser nie te doen met ware travestie nie. Dit moet tot Visser se krediet gereken word dat hoewel hy op 'n vrysinnige wyse van die Bybel gebruik gemaak het, hy blykbaar altyd geweet het om sy spelende vernuf in ooreenstemming met die gees van die Bybel te bring. So het hy bv. meermale gebruik gemaak van 'n Bybelse aanhaling wat hy vervorm het om in te pas by die nuwe konteks. Die verrassende is dan dat nie die groteske die deurslag gee nie, maar dat daar hiermee 'n positiewe waarde aan die lig kom. Vergelyk "In die dieretuin":

Die sjimpansee in ysterkou
 Sit sy beskouers te beskou
 En weerloos hoor die Hoër Aap
 Die Laer Mensdom ginnegaap;
 Verneem, terwyl sy oë vlam:
 "Die Mense en die Ape stam
 "Van een oervader en oermoeder."
 "Ben ik," skrik hy, "mijns hoeders broeder?"

Uitgaande hiervan dat daar in hierdie gedig verwys word na die evolusie-leer, en dat hiermee 'n aanval op die tradisionele wêreldbeskoning geloods word, veral omdat die Bybel ter sprake gebring word, het ons met 'n ernstige saak te doen. En gewoonlik wanneer die een of ander wêreldbeskoning verdedig word, word dit met die hand op die hart gedoen. Maar wat vind ons hier?

Tot by die voorlaaste vers lyk dit of ons die ou patroon van reaksie te wagte kan wees. Maar die woord word nie aan 'n mens gegee nie, want dis die voorwerp van beskouing, die sjimpansee wat 'n onverwagse slotoordeel vel. Verwys hy na die Bybel, volg hy nie die apologete na wat hulle hou by die letter van die Woord nie, maar sien hy kans om 'n geringe wysiging in die woordorde (van *Génesis* 9:14) aan te bring. Dis egter nie aanmatigend nie, maar ter sake, want dit is nou, in die verband van die evolusie-leer, juis van toepassing op hom. Hierdie verrassende omkering bring dus geen diepgaande ontwrigting nie.

Wat eindelijk gebeur, is dat daar vanuit hierdie ongewone hoek indirekte satire gelewer word op die Mens met sy al te stellige verkondiging van die evolusie-leer. Die Mens se handelswyse vervlak tot 'n "ginnegaap", terwyl dit die Aap is wat nog kan "skrik" wat enigsins herinner aan die bewuswording van die Goddelike (die oorspronklike Bybelse woorde is Kaïn se verantwoording aan God). "Sit sy beskouers te beskou" blyk 'n tipies Sokratiese houding te wees: dis die onkundige Aap wat eindelijk weet om die Mens in sy gewaande sekerheid omver te gooi.

Visser was geen omkerende digter soos sy tydgenoot Toon van den Heever wat ingebeer het teen gevestigde waardes nie, maar 'n behoudende digter om wie die mantel van travestie eintlik nie gepas het nie. Dit het die ouer kritici reeds ingesien m.b.t. gedigte soos "Nat en sap" en "Wit en swart", waaroor hulle vergoeliken kon stel dat Visser "hittete profaan" is (Vgl. bv. P.J. Nienaber: *A.G. Visser — digter en sanger*, ble. 32, 40 en 95). Hoe gewaagd sy behandeling van verhewe stof ook al, gee die gerusstellende gebaar tog die deurslag (vgl. die slot van "Wit en swart").

'n Andersoortige omkering, dus sonder diepgaande ingryping, dié van die parodie, was die ideale vorm van Visser. Dit is die verhewe voorstelling van die onbenullige met die speelse fantasie as dié vormgewingsprinsipe. Visser se beste lang gedigte ressorteer hieronder "Lotosland", "Toe die wêreld nog jonk was" en "Adam of Die paradys herwonne".

Wat die korter parodieë betref, is daar benewens "Vet" ook nog "Pamperlang". Die eerste strofe van lg. gedig lui so:

Ek sê dit met keurige blomme,
 Met rose wat geure versprei,

Met sagte en gloeiende kleure;
 Fluwele, satyne en sy;
 Parfume en kost'like reukwerk
 Wat d' Ooste welriekendste skink;
 Met lekkers, bonbons, sjokolade —
 Maar nooit nie, nee nooit nie, met ink!

“Pamperlang” is ’n parodie op “Ek sing van die wind” in die besonder en, deur die titelgewing heen, word daar gesinspeel op Leipoldt se kenmerkende vers, die “slampamper”. Hoe vriendelik die parodie is, blyk uit die begeleidende woorde: “met ’n diepe buiging voor C.L.L.”, asof Visser hiermee wil verseker dat Leipoldt nie aanstoot sal neem nie. Die sjarmante houding is tewens ingeweer in die gedig self, want ons vind hier daardie tipiese geparfumeerdheid van sy liefdesverse. Hier het dit egter ’n geestige inslag waardeur goeie kritiek uitgespreek word teen die asosiale houding van enige slampampervers.

Hierdie twee gedigte is nie genoegsaam om te verseker dat Visser as parodiedigter ’n plek in die Afrikaanse poësie beklee nie. As literêre parodie is “Pamperlang” nie veel beter as Toon van den Heever se “Hoe hulle in Afrikaans sou geskryf het” nie. En Opperman se “Met apologie”-reeks is meer gevarieerd en vindingryk, wat telkens die model in sy kernaard tref. Dit is eers in die drie bogenoemde lang parodieë dat ons werklik voortreflike sprankeling vind.

Die waarheid dat die parodie ’n parasitiese vorm is, vind ons die beste geïllustreer in “Lotos-land”. Soos Van Wyk Louw dit pertinent onder die aandag gebring het: “Dit is byna asof Visser, wat ’n geslag lank geswyg het, die verse van sy geslag — sy tydgenote — bekyk het en toe gesê het: nou sal ek julle (met ‘Lotos-land’) wys hoe dié dinge vir ’n Eerste-Beweging-se-Rympiesmaker lyk” (*Opstelle oor ons ouer digters*, bl. 124). Hierdie opmerking moet beoordeel word in die lig van wat C. Stone oor die parodie in die algemeen sê: “the best parodies can be, and mostly are, written after the wild oats have been garnered” (*Parody*, bl. 37).

Visser was nie die eerste Afrikaanse digter wat parodieë geskryf het nie. By die digters van die Eerste Beweging vind ons reeds parodieë. So is daar minstens “Nuttige resepte” van C.W. Joubert en “Dopper Joris en syn seiltjie” van Pulvermacher, wat onderskeidelik die volksgeneeskunde en ridderlike liefde parodieer. Maar Visser se parodieë is soveel meer merkwaardig, want dit is welbewus ’n geestig-komiese reaksie op die voorafgaande erns wat ’n versadigingspunt bereik het. Visser het self in geen onduidelike taal sy eerbied laat blyk vir die “Big Four”, ’n speelse benaming waarmee hy die vier belangrikste digters van die eerste generasie aangedui het (vgl. o.m. *A.G. Visser - digter en sanger*, bl. 104), en hy het aan E.C. Pienaar gesê dat hy hom “nie moes waag aan wat Celliers en die ander soveel beter gedaan het” nie (*Taal en poësie van die Tweede Taalbeweging* (1931), bl. 503). Met “Lotos-land” probeer hy dan hierdie erns ontbind.

In die waardering en interpretasie van “Lotos-land” word in byna elke beskouing gewys op die komiese aanwending van die literêre verwysings. Ander aspekte soos die kostelike woordgebruik en rymvonds word deur Van Wyk Louw genoem (*Opstelle oor ons ouer digters*, bl. 125). Voeg hierby die volgende vers: “Te glad sit jul tawwerds, O Moeders”, waarin die ongewone

“tawwerds” klanksymboliserend is. Die funksionele waarde van die Latynse tussentitels in soverre dit bydra tot die parodiese effek, geniet die aandag van Pirow Bekker in *Die titel in die poësie* (bl. 106). D.J. Opperman en C.J.M. Nienaber het weer Perceval Gibbon se verhaal “Piet Naudé’s trek” uitgediep (*Dubbelloop*, bl. 106—109). Daar is wel deeglik uitgegaan hiervan, maar dit is eintlik nog net één van die stofgegewens, die raamwerk van die vertelling, wat Visser geïnspireer het tot die skryf van “Lotos-land”. Vergelyk bv. hoe getrou Visser vir Gibbon nagevolg het met die “les”.

Die verwysingshoedanigheid verhef “Lotos-land” bo hierdie obskure verhaal uit. So verkry die verrassende wending van die slotreël satiriese betekenis by as dit in verband gesien word met die praktyk van die digters van die Eerste Beweging wat gereeld ’n les wou tuisbring. En Visser het nog meer pyle in sy koker gehad, want Visser se verhaal word ook oorkoepel deur die verhaal van Israel se uittoeg uit Egipte (vgl. die eerste twee tussentitels) en deur die titel “Lotos-land” verkry dit bowendien Homeriese dimensie. Dis egter veral deur die Afrikaanse literêre verwysings dat die eintlike parodiese effek deurgedryf word. Hierdeur word ’n verdere geestige dimensie bygevoeg aan die net komiese verhaal van Gibbon.

Hierdie verwysings dra nie ewe veel gewig vir die bedoeling van die gedig nie. In die geval van Langenhoven, Leipoldt en Malherbe is die verwysings slegs sydelings met ’n geringe stekie na die skrywersaard deur dit te verplaas in die nuwe lewensverband. Wat hier dan voorop staan, is die genot wat ervaar word by die parodie met Visser se taalvaardigheid in die hoogste rat. In die geval van Leipoldt is dit die allitererende werking wat op die spel geplaas word: “’n Landstreek van Leipoldtse lengte // Waar geen lewenslas hinder of pla”. En in die geval van Malherbe kry ons die volgende metaforiese vonds: “Die grond hoof hulle maar net te kielie // Vir Malherbe se lande vol graan”. En op die koop toe dié heerlike onsin daarby: “Of Jona se eersteprys-mielie // Trou bewaak deur ’n mak bobbejaan”.

In sy losmaking van die erns konsentreer Visser veral op Celliers en Totius. Die gedig sit dan ook dadelik in met ’n verwysing na Celliers se “Die ossewa”:

Die osse stap aan deur die stowwe
— nie die osse van Jan F. Celliers

Die statige ritme by Celliers (“gedúldig, gedienstig, gedwéë”) word dadelik getransponeer na iets vinnig vroliks: “nÍe die ósse van”, wat vertraag word sodra die digter ter sprake kom: “Ján F. CelliÉrs”, as hiermee teruggekeer word na die oorspronklike gewigtigheid.

Maar dit bly nie net by ’n oppervlakkige gebruikmaking van hierdie verwysing nie, want ook t.o.v. die hele simboliek is die aanwending van elemente in “Die ossewa” beslissend vir die verkryging van die parodiese effek. Eerstens geld dit die os en ossewa, twee simbole wat ’n ereplek beklee in die Afrikaner se wording as nasie.² Hoe Visser hiermee gespeel het in die komiese verband van “Lotos-land”, met “Die ossewa” as leitmotief, blyk reeds uit die eerste episode van die volksgeskiedenis (“Exodus”): “Hy (Pieter Naudé) word nie vervaard, ook nie kwaad! // Maar al bars dit hy beur tog bo-uit!” En ’n mens herken dit aan die reël uit “Die ossewa”: “maar hul (die osse) beur, en die vrag bring hul daar” Hierdie verwysing het selfs ’n verdere

subtiële strekking: die “daar” wat dui op die verlossende uitspantyd vir die osse, breek vir die “voortrekkers” ook hierna aan in die bereiking van húl “Luilekkerland”, wat die volgende fase vorm van die volksgeskiedenis: “Kanaän, O Kanaän!”

Hier het Visser die komiese toepassingsmoontlikheid van die verwysing nie gelaat nie, want eindelik kristalliseer dit uitbundig uit in die volgende strofe wat ’n vervormende verwerking is van die slot van “Die ossewa” (“Hul bene, na swoeë en swerwe, // lê ver op die velde verlaat...”):

Die aand nog het Koos van der Merwe
En Naudé die ou vet-span verlaat;
Hul bene na swoege en swerwe
Is al weer van normale formaat.

Die voorstelling van die “voortrekkers” as “die ou vet-span” het simboliese waarde omdat daar kennelik nog uitgegaan word van die betekeniswaarde van “Die ossewa”. Die simbolisering het nou egter vervlak tot die banaal komiese toe. En hoewel daar teruggekeer word na die verhewe tragiese toon, soos blyk uit die voorlaaste reël wat woordeliks korrespondeer met dié van Celliers, gee die verrassende komiek die deurslag. Dit is verrassend omdat daar verwag is dat daar voortgegaan sou word met Celliers se verhewe siening. Die te verwagte reël van Celliers (“lê ver op die velde verlaat...”) spreek dan mee by die interpretasie van die nuwe konteks, sodat met “Is al weer van normale formaat” daar afgereken word met die wye veldsimboliek van Celliers en Totius (en ook by Visser in sy ernstige versel), waardeur dit herlei word tot die komies definieerbare met die verhewe gevoels- en verbeeldingselement netjies uitgesny.

In die geval van Totius word wanneer verwys word na sy wêreld, die digter nie by die naam genoem nie. Op ’n meer subtiële manier word na Totius verwys, wat egter van beslissende belang is vir die totstandbrenging van die parodiese effek.

Sydellingse verwysing het ons met die versreël “En daar voor kom die Kaffers al aan” wat hier in sy lighartige hoedanigheid kontrasteer met die soortgelyke bewoording waarmee die angswekkende ervaring van die aankoms van die vyand dikwels voorgestel is (vgl. gedigte soos “Daar kom hul” en “Vegkop”).

Waar Totius se werk, dan spesifiek sy ernstige betragting van die Trek in die epos *Trekkerswee*, in die hart getref word, is waar die verhewene met die banale op dieselfde vlak geplaas word (en hoe verhewe wetenskaplik reeds is die banale aangebied as “*Adipositas praecox*”!), soos blyk uit die *agnitio* (!) waartoe die leier Pieter Naudé kom: “Trekkerswee is per slot trekkersvet!”³

“Lotos-land” is ons eerste Afrikaanse komies-heroïese gedig en nog steeds dié hoogtepunt in hierdie genre. Treffend sekuur word die voorafgaande erns vereffen. Hierom munt dit as komies-heroïese gedig uit. Tog doen dit nie as geleerd aan nie, soos van die ware parodie verwag kan word, want die genotvolle voorstelling staan altyd voorop.⁴

Eweneens komies-heroïes is “Adam of Die paradys herwonne”. Die sub- of tweede titel wat verwys na Milton se *Paradise regained* is geestig bedoel, want dié Adam dui allermins op die mitiese gestalte van die Bybel. Daar

word uitgegaan van 'n historiese figuur, Adam Kok, die Griekwa-kaptein, wie se lewensloop geestig betrag word soos dit verband hou met die eerste mens Adam. Die geestige opset blyk reeds met die woordspeling op sy naam waarmee die gedig begin: "'n Kok was Adam".

Vra hy die Skepper 'n lewensmaat, word dit in terme van sy beroep gedoen: "'O Skepper, smee hy vroeg en laat, // 'Eén skeppie nog: gee my 'n maat!'" Visser is hier verruklik geestig, want "skeppie" is skynbaar 'n afleiding van "skepper" soos "skepping" dit werklik is. En op hierdie geestige voorstelling word voortgebou: "'Neem Ek uit jou 'n kotolet: // 'n Ribbebeen met vleis en vet'", as eindelik met die kragtoer met die taal besluit word:

"Gaan in die *Umzimvubu* was
"En lê jou op die sand neer
"En vier-en-twintig ure vas
"Alvorens Ek kan opereer:
"'n Rib-reseksie — sonder smart —
"Die vyfde, links, na aan jou hart."

Ook hier toon Visser hom as die vrolik spelende digter wat weet hoe om die somber erns weg te ruim, want hy gaan uit van die geykte rympaar "smart"/"hart" wat hy welbewus kwalifiseer: "sonder smart".

Daar word heerlik met die kok-wees van Adam gespeel as gesê word dat Adam Kokstad bereik het nadat hy die paradys verlaat het. En dan word daar nie vergeet om 'n bietjie met die Boer se trekkerinstink te spot nie, van wie Adam Kok dus "Altrekkersvader, eerste Boer" is. Vir Visser in sy tyd is dit 'n gewaagde sprong: die Boer met sy strewe na rasegtheid word in een lyn gebring met die Griekwa-kaptein. Visser is hiermee dan ook geen onwaardige voorloper nie van Etienne Leroux wat in *Magersfontein, o Magersfontein!* (veral bl. 51) hom so kan verkneukel in die verkeerd begrepe identiteit van die Boer.

Alles is spel by Visser en daar word nie gekroom om die konserwatiewe gemeenskap met 'n fyn stekie by te kom nie. So bv. waar gesê word dat Adam in sy paradyslike afgesonderheid "geen las" gehad het van die motor, telefoon, trein, ens. nie, word eindelik uitgekom by die predikant. Die afgesonderheid wat in strofe 2—3 geskilder word, dui eintlik ook maar net op die individualistiese Boerwiese begeerte dit was om vry en alleen te bly. Plekplek word mens in die beskrywing hiervan herinner aan *Trekkerswee*. Hierby is daar die ander tydsperspektief wanneer speels gesê word dat Port sint Johns (waar die Adam gebly het) "in ons taal: Paradysfontein" heet. Hierdie "vertaling" word ingegee deur 'n fyn assosiatiewe spel: deur die naamgewing "Port sint Johns" word verwys na Johannes op die eiland Patmos waar hy besin het oor die nuwe aarde en nuwe hemel — dus by implikasie die "paradys" plús die hebbelikheid van die Afrikaner om alles met "fontein" gepaard te laat gaan.

Kortom, Visser het die Bybelse en Suid-Afrikaanse werklikhede heerlik deurmekaar geklits.

By Visser vind ons 'n tydsbewussyn: nie soos by Totius wat die geskiedenis in sy kontinuiteit betrag nie, maar gesien as verskillende tydsbeelde wat mekaar geestig weerkaats. Soms geskied hierdie beligting bewustelik in 'n

ietwat moralistiese toon, soos in “Toe en nou”. Maar meestal ontsnap Visser van ’n eng behoudende standpunt as hy verskillende tydsbeelde op speels fantastiese wyse as gelykwaardig behandel. Hiervan is “Toe die wêreld nog jonk was” ’n manjifieke voorbeeld.

Interessant is dit hoe die illusie van plek- en tydsgebondenheid kamma gehandhaaf word deur die trogeïese inversie van die tweede reël: “Kort anderkant Jerusalem // *Daar het gewoon Metusalem*”. Oral egter vind tyd- en plekoorskryding plaas. Let op die volgende passasie:

’n Pure man Metusalem,
Die raadslid vir Jerusalem!
Hy tem die woeste Dinosaur
En skiet die wolhaar-Brontosour;
En van sy vel maak hy ’n jassie
Vir klein Mahérskalálgasbassie
Maar klein Kedorlaomertjie,
En lief Kirjatjaromertjie,
Die tweelingboetie en sy sussie,
kry elk ’n hippopotamussie.
Tiglatpileser, die parmant,
Wil niks hê as ’n olifant;
Maar Hammoerabie huil en sê
Hy wil ’n wit harnoster hê.
En klein Metusalem verlang
Pa moet vir hom ’n walvis vang.
“Habbakukkiena, bly tog stil!”
“Ag, Ma, hul vat my krokodil!”
Maar Gog-Magog met breë bors
Eet soet sy leviatanswors.
Ja, glimlag moes die moeder wel
By dié verteed’rend’ kinderspel:
Hoedat — dis om jou hart te steel —
Die kleinspan met hul diertjies speel.

Fyn en ewewigtig is die spel met allerhande soorte diere waarmee Metusalem se wêreld bevolk word. Verskillende tydservaringe vind spontaan aanklank by mekaar sonder enige skokkende effek. Hierdeur groei Metusalem uit tot verteenwoordiger van die menslike ras. Daar is eerstens die twee prehistoriese diere waarmee hy in aanraking kom. Dit lei tot sy kinders: hoe hul elkeen met van die gedugste eietydse land- en seediere speel. Vanweë hulle twis hieroor ontlok dit die ma se ergernis. Hiervan is Gog-Magog uitgesluit want hy “eet soet sy leviatanswors”. En so word weer uitgekóm by Metusalem wat heers oor die prehistoriese diere en is die gesinsprentjie afgerond.

Dit op sigself is al heel prettig. Hierby is daar nog die Bybels historiese perspektief met sy baie name wat soms heel geestig vervorm is (vgl. Van Wyk Louw en E. Lindenberg hieroor in *Treknet*, bl. 59—60).

Hoe tipies menslik hierdie bedrywigheid alles is, blyk deur die beskrywing “verteed’rend kinderspel”. Dan is die situasie allereers grappig: gemeet aan die gewone standaard kom die moeder se glimlag “by dié verteed’rend’ kinderspel” van haar “kleinspan” met allerlei groot diere (voorgestel as “hul

diertjies"!) as onvanpas voor. Maar dit neem ook fantastiese gedaante aan: dit gebeur wanneer die leser insien (vgl. *Treknet*, bl. 60) dat "verteed'rend' kinderspel" verwys na "Die drie kindertjies" (in *Verse van Potgieter's trek*) van Totius. En watter verskil bestaan daar tussen die twee kontekste. Dit sal egter belanglik wees om enige diepsinnige rede uit hierdie beligting te haal: die ontdekking van die eietydse literêre perspektief lei net meer tot die plesier wat die leser reeds by die grappige voorstelling ondervind.

Die waarheid dat Visser die Afrikaanse letterkunde uit sy angstige somberheid kon lig en dit die aansyn gegee het van 'n plesierige fees, kom miskien nêrens beter aan die lig as hier waar die somber voorspellende aktualiteit van "Die drie kindertjies" verander het in iets fantasties-speels. Dit is 'n oorrompelende soort plesierigheid wat geen metafisiese kwelling inhou nie.

Universiteit van Suid-Afrika

VOETNOTE

1. "If superior neither to other men nor to his environment, the hero is one of us: we respond to a sense of his common humanity, and demand from the poet the same canons of probability that we find in our own experience. This gives us the hero of the *low mimetic mode*" (N. Frye: *Anatomy of criticism*, bl. 34).
2. D.F. Malherbe skryf in 1935 hieroor: "Die os en die ossewa is diep ingewewe in ons nasiebestaan en was die vrugbare bodem van waaruit taalvormende kragte gewerk het. Geen wonder dat os en ossewa so 'n plek inneem by ons digters nie" (*Afrikaanse verse* I, bl. vii).
3. Hiermee word *Trekkerswee* nie onder verdenking gebring nie. Wat meer die geval is, is dat Visser deur o.m. die gebruik hiervan 'n bepaalde Afrikaner wou hekel. Totius sou immers een van die eerste gewees het wat hierdie hekeling van Visser geniet het. Trouens, eenmaal het hy self geskryf oor "die sg. Jerusalem-gangers, mense wat inderdaad die Trekkers-ideaal oordryf het" (vgl. P.J. Nienaber: *Totius — digter en profeet*, bl. 237—238). Of soos dit by Visser lui: "die voorste voortrekker Naudé". En die einddoel van hul trek — "'n luilekkerland"! (a.w., bl. 237). Die moontlikheid is dus sterk dat Visser kennis geneem het van Totius se artikel in *Die Burger* van 1924.
4. Oor die tweeledige aard van die parodie stel C. Stone die volgende: "The parodist should amuse and delight the reader, even when he is unfamiliar with the work upon which the parody is modelled" (*Parody*, bl. 45).

HEWITT VISSER

Generasiegaping

Jy't gelyk, A.G., die jare is
 swart osse op swart hoewe,
 maar verder het jy jou misgis
 oor al hoe dieper groewe.

Die osse sleep die trekwa vort
 oor berge, vlaktes, vleie,
 en elke spoor sal gou verword
 sy dit diepgaande of beskeie.

Ons osse ken die pad terug
 so min soos blinde skape,
 en selfs 'n noodsein of -berig
 kry nooit die weg herskape.

So moet ons dus die wêreld in
 hoe woens ook al en donker,
 en hoop dit maak vir ons meer sin
 as vir jonkvrou Ingrid Jonker.

Roosdorings*

Saam met sy vyf-en-sestigste verjaardag vier ek vanjaar tien jaar van vriendskap en struweling, eerlikheid en ontwyking, bewondering en opstand, belofte en teleurstelling en daarby 'n lewensavontuur van literêre instemming en geskil met my huisbaas, dosent, hoof by die werk, maar ook geliefde vriend en vormer, prof. W.E.G. Louw.

Die eerste argumente oor literatuur tussen ons het begin toe ek met die opdringerige argumenteerywerigheid van 'n pas afgestudeerde "close reader" na my Engels III-eksamen by sy huis as sy honneursstudent maar ook as loseerder ingetrek het.

Ná ons eerste gesprekke in dié nuwe situasie het ek spoedig opstandig begin word teen wat ek aangevoel het as 'n soort veredelde bevooroordeeldehede betreffende menslike en ook kulturele sake by prof. Louw. Op literêre vlak kon ek nie aansluiting vind by wat vir my gelyk het na 'n hoofse soort selfbevrediging by my hospes aan hoofsaaklik die emosionele en sensoriese genietlikheid van die poësie nie. Prof. Louw was lief vir die beeld "'n gedig is soos 'n glas goeie wyn", en ek het in sy bedoeling gelees nie net die assosiasies van gisting, veredeling, vakmanskap, ens. nie, maar ook die smaakvolheid en smaaklikheid as 't ware van 'n gedig wat as geestelike fynproewers-"drank" geniet word, in 'n elegante milieu verhewe bo die bloedige werklikhede waaruit poësie meermale ontstaan en waaraan dit dikwels uitdrukking gee.

Dat dit 'n oppervlakkige en populêre beoordeling was van prof. Louw se besonderse soort beskaafdeheid, sou ek later wel begryp, maar voorlopig was dít min of meer die persoonlike ondertoon van ons eerste meningsverskille. So het William Blake se Song of Experience, "My Pretty Rose-tree", by geleentheid ter sprake gekom:

A flower was offer'd to me
Such a flower as May never bore;
But I said "I've a Pretty Rose-tree",
And I passed the sweet flower o'er.

Then I went to my Pretty Rose-tree,
To tend her by day and by night;
But my Rose turn'd away with jealousy,
And her thorns were my only delight.

Die "afkeurenswaardige" party in dié gedig is nie die ondankbare "Pretty Rose-tree" nie, prof. Louw, so het ek met motivering in die trant van die "critical analysis" voortgevaar, dít is die na eie segge seergemaakte spreker. Sy voorbedagte, besitlike, op eie genot gerigte en veral eisende en verwytende soort "liefde" spreek uit elke reël van dié selfbejammerende minnaarsklag. Dit is sy verdiende loon dat hy in plaas van "delight" met dorings geprikkel is na al daardie "goedgunstige" daaglikse en nagtelike "aandag".

* Hierdie artikel is opgeneem in die huldigingsbundel vir W.E.G. Louw, *Skanse teen die tyd*, wat op 31 Mei in 'n beperkte oplaag van 500 by Tafelberg-uitgewers verskyn.

Ag onsin, het prof. Louw met verontwaardiging gereageer, dit is nou presies hoe julle boorwurms uit die outonomistiese skool 'n gedig vir 'n mens kan bederf. Hier het ons 'n eenvoudige liriese vers met alles wat daarin is op slag bekend. As 'n mens dan onder die metaforiese vel móét opereer, dan handel dit eenvoudig oor 'n minnaar wat stank vir dank gekry het. Die Pretty Rose-tree dui — as 'n mens die simboliese toepassingsmoontlikhede dan na die oppervlakte móét forseer — op 'n harde en trouelose geliefde, nydig oor daardie "sweet flower".

Nee, maar 'n mens kan jou nie so onnadenkend identifiseer met die spreker in jou meegevoerde genieting van sy liriese uitsegging van gevoel nie, het ek dan weer betoog. Al word jou onmiddellike estetiese genot daardeur teruggehou — vir my nie bederf nie — kom die dwingende menslike waarheid van hierdie gedig pas aan die lig as 'n desnoods verstandelike, krities-ontledende teenstroom op die emosionele vloed van die klag en die formulering daarvan toegepas word.

Na die twis oor die roosboom het daar oor maande en jare nog baie ander gevolg, waarby ek soms met "insigte" vorendag gekom het wat prof. Louw by herinnering tot vandag toe nog behoorlik kan ontstel — soos byvoorbeeld dat daar 'n moederbors geïmpliseer sou wees in Boerneef se "By Pramberg blêr 'n moflam".

Die verbete teenstellings tussen ons lesings van 'n gedig het egter mettertyd minder skerp geword namate ek meer begin verstaan het van my gespreksgenoot se persoonlikheid as geheel. In wat vir my eers gelyk het na 'n kombinasie van epikurisme en snobisme in prof. Louw se soort omgang met die literatuur, het ek later herken 'n waaragtige drang tot, liefde vir, geluksverhouding met, toewyding aan, erns oor, lewensvervulling in die letterkunde, veral die genre van die poësie — 'n liefde boonop wat soos elke ware liefde skerp jaloers en eksklusief kan wees en elke soort benadering wat dié geliefde banaliseer of haar onwaardig is, dadelik aanvoel en met werklike verontwaardiging bestry. In die konsekwent elegante wellewendheid van prof. Louw se persoonlike styl, wat ek in my bangste aanpassingsoomblikke ervaar het as 'n veeleisende en hooghartige soort onnatuurlikheid, het ek 'n besonderse soort integriteit en diepsinnigheid wat sigself juis in dié vorm handhaaf, leer begryp.

Vir prof. Louw is 'n gedig 'n glas van die beste wyn, het ek begin verstaan, dit is vir hom miskien in 'n hoë mate 'n veredelde emosionele en sensoriese genot, maar daarmee is dit ook 'n sielsgenot, die genot van die enkeles wat die rykste en subtielste skakeringe van 'n hemelse drank kan proe. En die fyn kristalglas, die delikate hand wat dié wyn hou, getuig van niks anders nie as 'n karaktervolle, streng en skoon soort eerbied vir wat só diep vervullend is.

Nog op 'n ander literêre en ook persoonlike manier sou ek ook met aanvanklike struweling en voorbehoud deur prof. Louw aangegryp word.

Spoedig na ons eerste kennismaking het ek gestuit teen 'n skynbare neiging by hom om in absolute terme van verheerliking of verdoemenis te reageer. Prof. Louw het 'n uitbewegende en druk op my inbewegende emosionele temperament getoon, 'n byna naïef en entoesiastiese idealisme enersyds ten spyte van die aristokratiese onberispelikheid en terughouding en andersyds 'n oorspanne gekweldheid oor en weerstand teen die vure van gevaar wat gebrand het om die gestelde standaard en verwagting.

Afgesien daarvan dat dit oor my persoonlike onvolmaakthede getiranniseer het en my deur kontrasuggestie soms na die onbeskaafste uiterstes laat verlang het soos na 'n verlossing, het dié sterk stuwende reglynigheid ook konsekwensies vir ons onderskeie reaksies op gedigte gehad.

Terwyl ek, inderdaad boorwurmagtig maar nietemin op my eie manier na die kern toe knagend, 'n soort omsigtige, verstandelik beurende, elke moontlike implikasie introspektief en taalkundig proewende twyfelgang in my lees van gedigte gevolg het, het prof. Louw die poësie met 'n sekere swier ge lees; meegevoer, bewoë, deur die aanskoulikheid en die grootsheid aan klank en dramatiese beweging daarin in 'n staat van verhewe opwinding gebring.

Hoe dié verskil tot selfs volkome teenoorgestelde lesings van 'n gedig kon lei, kan ek miskien ten beste illustreer deur 'n toepassing te maak waarin ek op fiktiewe wyse en prof. Louw daarby heel waarskynlik te na komend 'n tipiese argument tussen ons naboots. As illustrasiemateriaal kan dien Martinus Nijhoff se gedig "Het derde land":

Zingend en zonder herinnering
Ging ik uit het eerste land vandaan,
Zingend en zonder herinnering

Ben ik het tweede land ingegaan,
O God, ik wist niet waarheen ik ging
Toen ik dit land ben ingegaan.

O God, ik wist niet waarheen ik ging
Maar laat mij uit dit land vandaan,
O laat mij zonder herinnering

En zingend het derde land ingaan.

Nogmaals onder korreksie van prof. Louw sprekend, stel ek my voor dat hy dié vers as 'n "klimmende" gedig sou lees. Die neiging tot opwellende spirituele idealisering by hom persoonlik in kombinasie met die oorstelpende, stygende klankdramatiek van die vers sou — so vermoed ek — daartoe aanleiding gee dat die gedig vir hom beteken 'n verlange meevoerend liries uitgedruk om te ontstyg aan die ontredde van die hier en nou en in die toekoms of buite die tyd (in 'n idilliese bestaan ná die aardse lewe?) die musikaal uitvloeiende geluksvolmaaktheid en salige vergetelheid van die eerste land (die kinderwêreld of selfs 'n voorgeboortelike staat?) te herwin. Ek stel my voor hoe prof. Louw die gedig voorlees byna asof dit 'n soort lied is en daarmee homself en sy luisteraar binne die bestek van tien reëls na 'n toestand grensend aan ekstase voer.

Daarteenoor sou ek vanweë my meer bevange manier van kyk die vers eerder as 'n "vallende" gedig lees.

So lyk dit vir my asof daar aan die tweede "Zingend en zonder herinnering" (reël 3) deur sy besondere plasing in die strofe 'n ekstra, byna onheilspellende nuansie toegevoeg word. 'n Mens dink by wyse van spreke deur die herhaling weer na oor die modus van "zingend en zonder herinnering" "gaan" en word daarvan bewus dat naas 'n salig singende en

herinneringlose toestand te wees dit ook op 'n onnadenkende, niksvermoedende, suiwer op emosionele en sensoriese (klank-) sensasies varende en vandaar byna dwase toestand dui wat sekerlik gewreek sal word onder dwang van die werklikheid. Dié aanvoeling word bevestig in die volgende strofe as die spreker uit sy ontgogeling en ontreddering in die "tweede land" na God uitroep: "O God, ik wist niet waarheen ik ging/(Toen ik dit land ben ingegaan)" (reël 5).

As juis hierdie reël herhaal word in die derde strofe ("O God, ik wist niet waarheen ik ging/(Maar laat mij uit dit land vandaan)" (reël 7)), dan oorweeg 'n mens dit nog sterker dat die spreker nie slegs uitroep van skrik en skielike pynlike besef nie, maar daarmee ook beken dat sy nie-wetende (en vandaar so argeloos singende) voortgangsmodus ten minste deels verantwoordelik is vir sy ongelukkigheid, slegte herinneringe en ontvlugtingsverlange in die reële hier en nou (die tweede land) waarin God hom gelei het en vanwaaruit hy hier spreek. Die woord "Maar" in reël 8 is hierby 'n sleutelwoord: die spreker vra God met ander woorde om ten spyte van dit wat hy moet beken, hom tóg na die volgende, in die toekoms verwyderde land uit te laat.

Soos die "dwaze bijen" van 'n ander Nijhoff-gedig kan ook dié spreker nie "van nature/zijn hartstocht onderbreken" en in plaas van inkeer en versobering bemerk ons dat hy ook die derde, geïdealiseerde land "zingend en zonder herinnering" wil "ingaan." Soos by "Het lied der dwaze bijen" lyk dit vir my asof dié ironie inhou dat die "derde land" vir die spreker geen paradyslike bestaan nie maar waarlik die dood sal wees.

Soos hierbo het ons geargumenteer. Prof. Louw het hom meermale teenoor my ontsteld afgeweer van verskillende myns insiens gewoon menslike en reële verskyningsvorme van die tweede land en kon daarteenoor in die poësie opgaan soos in 'n hoofs verhemelde derde land. Ek daarenteen kon en wou óók die poësie nooit "zingend en zonder herinnering" uit die tweede land laat nie.

En tog was dit juis hierdie soms té absolute en onbegrypende nee en daarteenoor hartstogtelik verheerlikende ja, hierdie innig verkneukelde en dan weer onthutste liefde, hierdie koue warmte, hierdie aangegrepe besonkenheid, hierdie dwase grootsheid en kinderlike verhewenheid van prof. Louw wat my soos geen ander gees nie oor tien jaar bygestaan, aangeemoedig, laat skaam en skuldig voel het en dan weer bly as hy met my tevrede is, wat my dodelik verlewendig en lewendig gedood, eenvoudig gestel: wat my van die begin af so pynlik baie van hom laat hou het. Al was dorings miskien prof. Louw se enigste "delight" in my geselskap in al dié jare, het ook ék in juis sý vriendskap ten seerste gebloei.

Universiteit van Stellenbosch

uurglas

i

só is die einde dan:
die stad se strate opgerol
soos motgevrete swart tapyte
lê hulle nutteloos en stukkend
in gate weg van die son
die hillbrow-toring toegerank
met stink verroeste kables
die wind snuif deur gesneuwelde geboue
en verder weg langs die kus
spoel swart golwe bloed
teen 'n beenwit landskap aan
'n dali-horlosie hang oor 'n tafel
sy pannekoekgesig mankoliekig en verwronge
sy wysters afgebreek
soos die geraamtes van dooies

ii

hulle is almal weg nou:
die mans wat die vyand
in die bos sou inwag
die vroue met kinders aan hul bitter bors
die baarderige oues wat die stad in wysheid moes bewaak
die wind dra nie meer die swart vroue se sang
oor die rante die nag in nie
en klein grys klonkies
smous nie meer wilde piesangs in die berge nie
die boemelaars en oumense
smeek nie meer om brood of wyn nie
joubertpark se honde vermy die gras
en die avant garde-skilderye
is flardes repe in die wind
kyk, hulle is almal weg nou

iii

hoe laat is dit?
toe die skielikheid van die uur
die raadsale kom volsit het
het almal vergeet om daarna te let
die vroue het nog by die mark tougestaan
en die boer het op die land geploeg
op skool het kinders vir die klok gewag
en in kantore het muwwe klerke kompers gevoer

iv

dit was nie sondag nie
want die kerke was leeg
straks woensdag want hier en daar
het die koster al begin oopsluit
vir die biduur/sterfuur
en 'n paar priesters het ylings
brood gebreek wyn geskink

v

sakrament:
neem eet gedenk en glo

vi

kyk
ek kom soos 'n dief in die nag
en van die uur:

vii

toe:
dit was skielik alles verby
party mense het nog 'n rammeling gehoor
en vensters begin toemaak
vir die onweer en die pes
maar die dier uit die see
was sterker as mure en spieëls
johannes o johannes
vicarius filii dei
o aardse seun van god
wees ons tog genadig
en laat hierdie uur:

avant:

niemand sou dit tog só wou verwag nie
 alles was so mooi
 die voëls het in die bome gesing
 en die koeie het rustig in die moot gevreet
 die ondergrawers en vryheidsvegters
 was veilig in tronke
 al het die digters aan die voorpunt
 hul harsings grys gedink
 en poësie geskryf
 is there a life before death?
 throw well throw shell
 i like idi
 black is beautiful
 die musikante het vir die dirigent gewag
 hul instrumente gelig
 en voorberei vir die fuga/coda

ix

l'envoi:

oral is die dood beveg
 maar niemand het dit juis só verwag nie

x

toe die rammeling ná 'n paar minute nie wou wyk
 het sommiges wel krielwrig geword
 en vir 'n teken gesoek
 maar die grafte het nie oopgegaan nie
 en in die lug was niks
 net die blou
 en die wit belofte van reën
 dit sou vroeg kom dié somer
 het die gryskopboere gesê
 want die winter was koud
 en die aarde hard en droog
 'n paar vyeboome het halsstarrig gebot
 hier en daar was 'n klein oorloggie
 'n paar aardbewings en mindere rampe
 maar dit was al

xi

ongelowiges!
 die jode vra 'n teken
 die griekse wysheid

xii

telegram:
vier perde

xiii

coda:
die ruiter op die wit perd
sit vernaam op my stoel
voor my tweedehandse tikmasjien
hy rook my duurste sigare
praat politiek
en drink my beste whisky
en hy tik:
ses komma ses komma ses komma ses
totdat die toetse vasslaan
hy lees my boeke
en verklaar my visioene
hy stap in my stad se strate
en glimlag vir my mense
hy genees my siek kinders
en laat my lasarusse opstaan uit die dode
hy verkwik my siel met die wysheid van sy wyn
hy stap op my volk se riviere
en maak die storms stil
hy verander bloed in wyn
en vra die pad na megidde
en hy laat vir hom 'n tempel bou

xiv

oor die krip in die stal
vreet die honger skadu van 'n wolf

Een duidelijke zaak

Alhoewel het de eerste keer was dat Habri Nasham, boomkweker in dienst van het Rijksbosbouwwezen, met het gerecht in aanraking kwam, toch betrad hij zonder enige schroom de imposante gerechtszaal. De deurwaarder, opgetuigd als een portier van een nachtclub, riep in de open deur, zo luid alsof Habri helemaal aan het andere einde van een grote zaal zat:

"Habri Nasham, getuige in de zaak Staat contra Vaska." Habri zat vlak bij de deur. Kranig-militair stapte hij door de bomvolle zaal tot voor de tafel waarachter de rechter en de gezworenen zaten. Hij groette met de hand aan zijn dienstpjet, in Daskalië droeg nu iedereen een dienstpjet. Habri groette ook het portret van Mashi, de Vader van Daskalië. Hij had het gevoel alsof Mashi hem goedkeurend toeknikte: Goed zo, Habri, door te getuigen bewijs je het Vaderland een grote dienst.

In de bank der beschuldigten zat Vaska, de benen nonchalant over elkaar geslagen, af en toe zijn snorretje gladstrijkend. Hij bekeek Habri spottend en fluisterde zijn verdediger iets in het oor. Deze lachte met het hele aangezicht. Straks lachen jullie niet meer, gemene moordenaars, dacht Habri.

De rechter, die er erg goedwillend uitzag, deed Habri teken dat hij in de getuigenbank kon gaan staan. De drie gezworenen, ze leken op elkaar en op Vaska als broers en droegen allen het snorretje van de Partij, net als Vader Mashi trouwens, bekeken Habri kritisch, alsof hij een fokstier was die door het Rijk naar een internationale tentoonstelling werd gestuurd. Ze prevelden wat onder elkaar en lachten. De rechter klopte driemaal op de groene tafel en het geroezemoes in de zaal verstilde.

"Je weet waar het over gaat, goede vriend," zei hij. In het nieuwe Daskalië noemde iedereen zijn naaste Goede vriend of Beste vriend. Zelfs in woede sprak men zijn vijand nog toe als 'achtbare vriend'. Daskalië was een land waar het goed leven was, dacht Habri. Een land waar vriendschap en respect de inwoners verenigen. De heren van voor de Revolutie riepen een arme boekkweker toe: "Haast je, schoelie, luilak, luiwammes."

"Vriend griffier," zei de rechter, "wil lezing geven van de akte." De griffier stond moeizaam recht, hij kon zo, zonder bijgewerkt te zijn, uit het vorige regime stammen.

"In de nacht van 2 op 3 februari werd op het kruispunt der grote banen, gedood door een revolverschot in de nek, de genaamde Droesa, landbouwer. Iedereen weet dat Droesa grote delen van zijn oogst achterhield en verkocht op de zwart markt. Hij werd daarvoor reeds tweemaal bestraft maar volhardde in zijn volksvijandige praktijken. Hij was geen lid van Partij. Iemand hoorde hem zeggen, tijdens de jongste oogstfeesten: Misha kan mijn..."

Aarzelend keek de griffier op naar de rechter, maar deze zegde: "Alles moet gezegd worden, vriend griffier."

"Misha kan mijn kloten kussen," las de griffier. Hij sloot de ogen en bloosde. Bij dergelijke uitlatingen sloeg men, voor de Revolutie, een kruis.

"Hij werd daarvoor in het openbaar en op de genoemde lichaamsdelen geseld. Het volk wenste dat Droesa uit de maatschappij werd verwijderd."

“Hm,” deed de rechter, “ik moet opmerken dat de zaak gaat contra Vaska.”

“De genaamde Vaska, lid van de Partij sinds haar oprichting, bracht een groot deel van de nacht door in café Victorie, met twee kameraden en de waard, allen partijlid. Vaska vertrok rond drie uur, kort daarop hoorde de waard een schot. Hij weet niet precies hoe laat het toen was. De volgende dag ontdekte men op de genoemde plaats het lijk van Droesa. Vaska’s voetsporen leidden van café Victorie naar het lijk en verder naar zijn eigen woning. Er waren geen andere sporen, behalve deze van Droesa. In de revolver van Vaska ontbrak een kogel. In het lijk vond de wetsdokter een kogel van hetzelfde kaliber. Dit zijn de feiten zoals ze geconstateerd werden door de politie.”

“Dank je, vriend griffier,” zei de rechter. “Wat heeft de verdediging tegen deze beschuldiging op te merken?”

“Ik onthou me van een oordeel tot na het getuigenis van onze goede vriend Nasham,” zei de verdediger. “Mij dunkt echter dat de bewijsvoering op zeer losse schroeven staat. Bovendien was Droesa een volksvijandig element. Maar kom, het recht moet zijn beloop krijgen. Wat ons interesseert is: Hoe laat precies werd de misdaad gepleegd, wanneer hier van een misdaad sprake kan zijn. Vaska verliet café Victorie om drie uur. Indien Droesa gedood werd voor dit uur kan mijn cliënt onmogelijk de dader zijn geweest.”

“De waard hoorde een schot nádat Vaska vertrok,” merkte de griffier op maar de verdediger glimlachte bij dergelijke naïviteit.

“Een schot,” zei hij. “Maar hoe laat klonk HET schot? Dat is de vraag.”

“Misschien kan Habri Nasham ons daar nader over inlichten,” zei de rechter.

Habri sprong stram in de houding en wilde meteen van wal steken maar de griffier zei:

“De eed, wijze vriend rechter.”

De rechter dankte hem hoofdknikkend en zegde Habri de eed voor: “Ek zweer ... hier niets dan de waarheid te zeggen ... zoniet moge de allerhoogste onze goede Vader Mashi straffen ... met het verlies van zijn ogen.”

Habri zegde deze woorden plechtig na en nam zich voor elk woord driemaal in de mond te keren eer hij het uitsprak. Hij keek, hulpvragend, op naar het portret van Mashi.

“Wijze vriend rechter,” begon hij, “in de nacht van 2 op 3 februari werd ik wakker omdat ik ... omdat ik dringend naar het ...” Hij boog zich naar de rechter toe en vervolgde fluisterend: “naar het toilet moest.”

Vaska’s verdediger veerde recht en vroeg scherp:

“Wat zegt getuige?”

“Getuige moest naar het toilet,” antwoordde de rechter zonder enig spoor van terughoudendheid alsof verklaringen als deze dagelijkse kost waren voor een rechtbank.

“Ik probeerde het nog wat op te houden,” ging Habri verder, over de schouder kijkend of niemand lachte, “maar ik wist bij ervaring dat ik toch niet weer in slaap zou komen. Dus stond ik maar op. Het was erg koud.”

“Dat heeft niets met de zaak te maken,” merkte de verdediger op.

“Toch was het koud. Ik ging dus en toen ik klaar was keek ik op de klok in de keuken. Het was vijf over drie en toen hoorde ik het schot.”

“Vijf over drie?” vroeg de rechter.

“Het zou mij zeer verwonderen, en deze opmerking doet niets af van mijn respect voor de werkende stand, indien bij een eenvoudig boomkweker een juistlopend uurwerk aanwezig ware. En vergeet niet, goede vrienden, dat van het juistlopen van genoemd uurwerk het lot van mijn cliënt afhangt.”

“Mijn klok loopt juist,” bevestigde Habri met klem. “De avond tevoren hoorde ik het juiste uur in de radio.” Hij wist meteen dat hij zijn mond had voorbijgepraat. Toch herhaalde hij, stil voor zichzelf: “In de radio.”

“In de radio,” riep de verdediger triomferend. “Verleden week bevestigde elke Daskaliër, onder ede, dat hij zijn radio inleverde om niet onder de invloed te komen van de vijandige propaganda maar Habri Nasham verklaart hier vrank en vrij en glimlachend dat hij naar de radio luisterde. Griffier, wil dit noteren. Vrienden gezworenen, u weet meteen welk vlees u met deze getuige in de kuip heeft. Maar kom, tenslotte heeft het feit dat Nasham klandestien naar de vijand luistert geen uitstaans met deze zaak. Ga verder.”

“Niet naar de vijand,” prevelde Habri. “Ik wilde het weer kennen voor de volgende dag. In ons beroep is dit van belang.”

“Naast de kwestie,” riep de verdediger. “Het was dus vijf over drie. Ga verder.”

Habri voelde zich helemaal niet meer zo zelfzeker. Hij was de draad kwijt van het fijne verhaal dat hij zo grondig voorbereidde. “Ik keek aan het venster of ik iets zag.”

“En wat zag je?” vroeg de rechter, steeds even vriendelijk. Daardoor werd Habri weer rustiger.

“Ik zag niets. Ik had mijn bril niet op. Ik ging terug naar de slaapkamer om mijn bril te halen.”

“Om je bril te halen,” glunderde de verdediger. “Je kon wel het juiste uur lezen zonder bril.”

Habri vond de verdediger een vervelende vent. Hij had gedacht dat je, als getuige, je verhaaltje kwam voordragen en gefeliciteerd werd om je juiste opmerkingsgave. Daarom was hij ook meteen naar de politie gegaan toen hij hoorde dat er getuigen werden gevraagd.

“Ik moest er heel dicht bij het uurwerk voor kijken,” zei hij. “Maar toen ik mijn bril ophad kon ek naar buiten kijken.”

“Naar buiten,” vroeg de rechter, “in de kou?”

“Ik bedoel: ik keek door het raam naar buiten.”

Een gezworene merkte op:

“De getuige drukt zich weinig correct uit.”

“Door al die sneeuw was het een heldere nacht,” verklaarde Habri.

“Was het helder door de sneeuw of was het volle maan?” wilde de verdediger weten. Bij elke vraag van zijn verdediger zat Vaska stil bij zichzelf te lachen alsof de advocaat zijn privé-clown was, zijn nar.

“Ik weet het niet,” bekende Habri, “maar het was bijna zo klaar als overdag.”

“Was het volle maan of was er geen maan?”

Habri haalde de schouders op en keek de rechter hulpvragend aan.

“Ik moet opmerken,” zei deze, “dat er tussen geen maan en volle maan een heleboel maandstanden zijn.” Hij scheen, net als Habri, schrik te hebben voor de scherpe tong van Vaska’s verdediger.

“Maan of geen maan,” hield deze onverstoort vol.

“Volle maan,” zei Habri, wel wetend dat hij een gok waagde.

Weer triomfeerde de verdediger maar hij deed dit op een wijze alsof het hem speet.

“In de nacht van 2 op 3 februari stond de maan in haar eerste kwartier, vrienden gezwoerenen.” Hij toonde een groen zakagenda en sloeg ermee op de tafel. Hij keek Habri aan alsof deze een amateur-goochelaar was wiens trucs de ene na de andere mislukten.

“De nacht was dus helder,” zei de rechter. “En wat zag je?”

Habri sloot even de ogen om zich het tafereel weer voor de geest te halen. Maar hoe diep hij ook nadacht, hij zag niets wat met de misdaad in verband kon worden gebracht.

“Niets, mijnheer de rechter,” zei hij en de drie gezwoerenen keken hem medelijdend aan. “Niets wat ook overdag niet te zien was.”

“Niets in de omgeving van het kruispunt waar de moord werd gepleegd?”

“Het kruispunt ligt aan de andere kant van mijn huis,” zei Habri. Nu lachte iedereen in de zaal en sommigen sloegen zich op de dijen. Ook de rechter glimlachte even maar klopte dan toch lichtjes met de hamer.

“Goed, goed,” zei hij. “Heeft iemand nog vragen te stellen?”

Nu stond de verdediger recht, hij stroopte de mouwen van zijn toga wat hoger om te kennen te geven dat hij tot de aanval wou overgaan. Habri was plots weer de kleine jongen die voor zijn vader stond enkele ogenblikken nadat hij een ruit brak.

“Ik wilde wel weten hoe laat het was toen je opstond,” vroeg de advocaat.

“Ik weet het niet,” zei Habri. “Heeft dat belang?”

“Het is niet aan een getuige te oordelen wat van belang is.”

Habri deed er een hele tijd over om tot een correct antwoord te komen en telde zelfs op zijn vingers.

“Ek denk dat het vijf voor drie was.”

“Je had dus tien minuten nodig voor een eenvoudige urinelozing?”

“Wat zegt hij, mijnheer de rechter?” vroeg Habri.

“Hij zegt dat tien minuten lang is om te wateren.”

Habri voelde zichzelf blozen.

“Ik water altijd lang.”

De rechter, die medelijden had met de lelijk in 't nauw gedreven getuige, merkte op:

“Het kan ook een grote boodschap geweest zijn.” Maar na zijn verklaring over de radio durfde Habri geen leugens meer vertellen:

“Het was maar wateren. Ik water moeilijk.”

“Waarom water jij zo lang?” wilde de plaaggeest van een verdediger weten.

“Ik ... ik ... water moeilijk.”

“Kom nou,” de rechter probeerde dit onderwerp van de baan krijgen.

“Wat heeft dat nu voor belang?”

“Heeft het geen belang of een onschuldige veroordeeld wordt?” vroeg de verdediger scherp. “Misschien was mijn cliënt reeds thuis toen het schot werd gelost. Indien getuige zich vergist tussen vijf voor en vijf over drie dan kan mijn cliënt de moord niet gepleegd hebben.” De rechter knipperde met

de ogen omdat hij deze redenering niet begreep en wendde zich dan tot Habri om nadere uitleg te vragen.

“Water jij zo moeilijk omdat je aan prostaat lijdt?” Habri knikte, bly omdat iemand anders het eruit bracht. De rechter riep de verdediger bij zich en maakte hem het antwoord over. Deze haalde de schouders op alsof hij niet begreep wat een prostaatlijder voor een rechtbank te maken heeft.

“Enfin,” zei hij berustend, “maar daarmee is de zaak niet afgehandeld. Habri Nasham, ben je er wel zeker vandatje die nacht thuis en in je bed was? Is het niet mogelijk dat je veel dichterbij de plaats van de misdaad was en daardoor ook precies het uur kent waarop het schot werd gelost?”

“Ik lag in mijn bed,” zei Habri.

“Dat zeg jij en je vrouw zal dit bevestigen. Maar haar getuigenis is waardeloos. Kan iemand anders bevestigen dat je die nacht thuis was?”

Een beetje theatraal hief Habri de armen zijwaarts naar omhoog.

“Ha,” zei de verdediger. “Dus: deze man, die klandestien naar de radio luistert, wordt geloofd boven de vriend Vaska, partijlid sinds het eerste uur.” Hij liet zijn stem tremoloën en hief, om erbarmen vragend, de blik naar het portret van de Goede Vader Misha.

“Mag ik je vragen, getuige Nasham, ben je tenminste lid van de Partij?”

“Ik ... ik ...” stotterde Habri.

“Natuurlijk niet. Maar toch liep je blij naar de politie toen je de kans kreeg valselijk een partijlid te beschuldigen. Habri Nasham: je bent een lafaard.”

“Ssst, sst,” zei de rechter en hij hief zijn hamer om te kloppen maar hij klopte niet.

“Ik ben geen lafaard,” riep Habri, die zich zwaar in zijn eer gekrenkt voelde. “Tijdens de oorlog werd ik gekwetst bij een stormaanval. Ik kreeg er een ere-teken voor.” Hij wilde de mouw van zijn jas oprollen om het litteken te tonen.

“Tijdens de oorlog,” riep de verdediger smalend. “Wanneer ik me niet vergis werd deze oorlog gevoerd door het regime dat door onze Goede Vader Mashi gelijkwideerd werd. Loop jij op met heldendaden volbracht in het leger van dit rotregime? Gezworenen neem er akte van dat getuige fier gaat op diensten, bewezen aan de vijand van het volk ”

Hij zweeg een poos, liep heen en weer achter zijn balie als een tot het uiterste getergde tijger. Plots bleef hij staan, hief de vinger in Habri's richting als was hij een éénmans-executiepeloton:

“Maar bovendien,” zei hij, “ontdekte ik, tijdens mijn onderzoek naar je antecedenten, dat je, tijdens je militaire dienst werd bestraft om een sergeant te hebben beledigd.”

“Wat verweet je de sergeant?” vroeg de rechter belangstellend.

“Ik noemde hem een smeerlap,” zei Habri en hij wist niet of hij daarover fier mocht gaan of zich moest schamen. “Hij was ook een smeerlap, een smeerlap in dienst van het retregime.” Hij liet de r's rollen als de motor van een bromfiets.

“Ongehoorzaamheid blijft altijd en overal een misdrijf. Het verwondert me niet dat de partij je niet als lid wilde opnemen.”

“Maar het gebeurde toch in dat rotleger,” zei Habri, die er niets meer van begreep.

“Ga zitten,” zei de verdediger. “Wijze rechter,” en hij wendde zich nu

tot de rechtbank, "ik maak het verder kort, de zaak is zo klaar als pompwater.

"Is Habri Nasham een betrouwbare getuige? Kunnen wij Vaska veroordelen op grond van het getuigenis van een vijand van de staat Daskalië, iemand die herhaaldelijk op leugens werd betrapt, iemand die fier gaat op onderscheidingen, hem verleend door het vorige regime, iemand die zich beroemt op ongehoorzaamheid, iemand die lichamelijk in zo'n slechte conditie is dat hij ongetwijfeld aan waanvoorstellingen lijdt?"

"Vrienden, mogen wij de Daskalische rechtspraak op dergelijke wijze verlagen tot een karikatuur?"

De gezworenen schudden met volle overtuiging het hoofd. De rechter eveneens maar slechts nadat hij de reactie van de juryleden zag.

"Dan," vervolgde de verdediger, "staat ons niet anders te doen dan de verklaringen van de beschuldigde voor waar te erkennen. Beschuldigde Vaska," zei hij streng en Vaska strond braafjes recht en kreeg, zichtbaar met enige moeite, zijn aangezicht in de vereiste, deemoedige plooi. "Is het waar dat jij, net op het ogenblik dat je je huis binnentrad, een schot hoorde?"

"Ja, het is waar," zei Vaska met duidelijke stem.

"Merkte je bij het kruispunt iets verdacht op?"

"Ik merkte niets verdacht op, zoniet was ek op onderzoek uitgegaan. Dat gebiedt mijn plicht als partijlid."

"Hoe komt het dar er maar vijf kogels in je revolver staken?"

"Er staken er nooit maar vijf in."

"Ziedaar, Edelachtbare en vrienden gezworenen, de onschuld van mijn cliënt is bewezen. Verlangt u nog nadere bewijsvoering?"

De wijzen achter de groene tafel schudden het hoofd. De rechter boog zich even naar elk van de gezworenen toe. Ze knikten en schudden opnieuw kordaat het hoofd. De griffier noteerde: vrijspraak.

Die rechter klopte op de tafel en zei:

"Vrijspraak."

Vaska drukte zijn verdediger de hand op de wijze zoals kapiteins van een voetbalelftal de scheidsrechter de hand komen drukken na de wedstrijd.

"Maar," zei de verdediger, en de rechter keek een beetje wrevelig, want hij had juist zijn baret opgezet en stond met de hamer geheven om de zitting voor beëindigd te verklaren. "Maar daarmee is de zaak niet afgedaan. Onze Goede Vader Misha zegde: de misdaad moet bestraft worden. Volgens de nieuwe Daskalische wetgeving mag, bij het ontdekken van nieuwe feiten, meteen tot een bijkomend geding worden overgegaan. Ik beschuldig hierbij, openlijk en voor het beeld van onze Leider, die genaamde Habri Nasham van moord op de genaamde Droesa."

De rechter keek even op en ook Habri keek even op maar deze begreep de situatie niet meer. De gezworenen knikten instemmend en dus legde de rechter zijn baret weer voor zich op de tafel.

"Verklaar u nader," zei hij.

Habri, die voelde dat er gevaar in de lucht hing, deed een poging om er tussenuit te raken:

"Maar ik moet weg," zei hij, "de fruitbomen moeten hoogstnodig gesnoeid worden."

"Habri Nasham," zei de verdediger, "vergeet nu niet: je staat hier niet

meer als getuige maar als beklagde. Ik moet je verzoeken op deze bank plaats te nemen.”

“Maar ik heb geen verdediger.”

De voormalige verdediger van Vaska, nu aanklager geworden in de zaak Staat contra Nasham, keek even om zich heen. Hij leek wel bereid de geplogenheden van de wet in acht te nemen, riep Vaska bij zich en beiden hielden een korte bespreking. Vaska haalde tenslotte de schouders op waaruit kon worden opgemaakt dat hij zich bij de feiten neerlegde.

“Vaska is zo vriendelijk als je verdediger te willen optreden,” zei de advocaat.

“Vrienden,” ging hij verder, steeds onvermoeibaar, “deze man onderscheidde zich vroeger in de ongunstige zin door opstandigheid tegen zijn militaire oversten. Ook nu kan hij zich niet neerleggen bij de vigerende wetgeving aangezien hij naliet zijn radiotoestel in te leveren.

Hij laat zich bovendien betrappen op leugens.

Primo beweert hij niet te zien zonder bril daar waar hij wel het uur lezen kon.

Secundo: Nasham beweert dat het in de nacht van 2 op 3 februari volle maan was terwijl onze kalenders duidelijk vermelden dat de maan in haar eerste kwartier stond. “Bij deze woorden gooide hij zijn zakkalender op de groene tafel voor een der gezworenen. Deze zei:

“Hij laat zich bovendien betrappen op leugens.

“Primo beweert hij niet te zien zonder bril daar waar hij wel het uur lezen kon.

“Secundo: Nasham beweert dat het in de nacht van 2 op 3 februari volle maan was terwijl onze kalenders duidelijk vermelden dat de maan in haar eerste kwartier stond.” Bij deze woorden gooide hij zijn zakkalender op de groene tafel voor een der gezworenen. Deze zei: waaraan zich vast te klampen.

“Je zocht vanwaar het schot kwam,” zei de aanklager op een toon alsof hij een lastige jongen tot rede brengen moest, “welnu: het schot viel bij het kruispunt. Dus? ...” Hij keek ondervragend de zaal in en zag overal bevestigend knikkende hoofden.

“Dus?” vroeg hij nu aan de juryleden en ook dezen knikten. Slechts de rechter knikte niet.

“Quarto,” vervolgde hij zelfvoldaan, zeker dat de slag in huis was, “beschuldigde beweert vijf minuten lang te hebben gewaterd. Hij beweert aan prostaat te lijden. Wanneer beschuldigde tienmaal per dag, gedurende vijf minuten urineert, dan bestaat hij de vrije en onafhankelijke staat Daskalië dagelijks van vijftig minuten. Het is zijn plicht als staatsburger zich te laten opereren.”

Habri zei:

“Ik durf niet.”

De rechter dacht:

“Ik lijd aan hetzelfde euvel maar ik zeg het niet.”

De aanklager riep:

“Ziedaar een bewijs te meer dat hij een lafaard is. En slechts lafaards proberen een ander te laten opdraaien voor hun daden. Bijgevolg, en aangezien niemand bewijzen kan dat beklagde in de nacht van 2 op 3 februari thuis en in zijn bed was, aangezien uit mijn bewijsvoering duidelijk

blijkt dat Nasham de misdaad kan hebben gepleegd, aangezien hij geen lid van de partij is en aangezien de misdaad moet bestraft worden, eis ik voor beschuldigde een straf van vijftien jaar dwangarbeid.”

Habri keek niet begrijpend van de een naar de andere. Hij had nooit kunnen vermoeden dat het er op een rechtbank zo aan toe ging. Hij keek naar de rechter maar deze, bijna onmerkbaar, de wenkbrauwen op. Toen zei hij, alsof het hem plots te binnen schoot:

“Het woord is aan de verdediger.”

Vaska hees zichzelf recht aan de balie, zocht naar iets om op het hoofd te zetten maar gaf dan zelf, met een handbeweging, het overbodige daarvan te kennen. Hij zei met vaste stem:

“Droesa was een smeerlap.”

“Accoord,” stemde de aanklager in, “tien jaar.”

“Een volksvijand,” vervolgde Vaska zijn pleidooi.

“Vijf jaar,” zei de aanklager.

“Indien mijn cliënt hem niet had gemold, dan deed ik het.”

“Eén jaar.”

De rechter wendde zich, voor overleg, tot zijn gezworenen. Opnieuw knikten en schudden zij afwisselend het hoofd. Habri zag dat de griffier een grote één in zijn boek schreef.

De rechter zei:

“Eén jaar verplichte arbeidsdienst in het Staatsbosbouwbedrijf.” Hij zette zijn baret op.

Vaska kwam met gestrekte armen op Habri toe.

“Proficiat kerel, dat haalden wij er mooi door.”

“Dank zij jouw schitterend pleidooi,” meesmulde de aanklager.

Habri voelde zich ontroerd. Hij drukte Vaska de beide handen en prevelde enkele onverstaanbare woorden.

“Een jaar is vlug voorbij,” zei Vaska. “In de nieuwe staat worden de gevangenen als mensen behandeld. Bovendien heeft dank zij jou het recht gezegevierd.”

Ek wil graag vriende met die klippe maak
hulle wat die lyf in grasia in die vlakke neerlê.
Heksetand en leekop
die bakermat van dié fragmente
wat ook eers maar deel was
van aardkors en spuwing.

In hierdie rotse familiekring
voel ek my soveel tuis
my kamer is sandsteengrot
bastion van my lêplek — die spelklip

Fyn sand, dié uit die water,
my kombes en tjalie.

Ek soek die klip
wat ek my maat kan maak
verkieslik die maalsteen
wat eens die pit lei tot gebak.

21.10.77

En die bome is opgetooi
in hul kermisdrag: ryk brokaat,
oker
en purper,
en skud van pret op die maat
van 'n rooi-bont kwartet —
soggens in April, wanneer die embryo-son na asem snak.

13.5.75

ode aan isola

*op die wysie van manlikheid
'n skietlood kan
die radius van geboorte nie meet nie*

snags het ek
met verwyd en met verlange
in gange deur die duisternis gebreek
gedwaal
gepynig
in die bankskroef van liefde en pigment
ek't dit wat goud bevat in die lig gebring
skagte gesink in die onbekende
en tot die verste bakens na jou gesoek
isola
want God het my 'n man gemaak
en ek het jou laat gaan

waar oumansbaard aan takke hang
en rook lokasies toekombers
waar koerantverkopers stem dikmaak
en kleingeld tel
het ek na jou gesoek, gesoek
om jou te vertel
hoe ek verlang

waar branders oor die rotse breek
en kruiptrekkers ou geboue sloop
het ek soms laat in die nag
jou antwoord op my roep gehoor

soggens het ek
opgestaan in die oë van 'n kind
wat nog nie kan lees nie
en net sover kan tel
as wat sy vingers het
en gehoop
vandag sal ek jou vind

'al haal ek yster uit die erts
en grou ek in die aarde met die seël daarop
sal die liefde tog iewers
met isomere kerne kristalliseer
totdat die son verduister
en isola verlore
die donker saad swanger dra —
sal die aarde dān wit uitbroei in wat donker was
en vloek teen my gespalktheid tussen liefde en pigment?

delg uit!
delg dan maar uit
want dis te mooi, te mooi
o isola
is dit werklik jý na wie ek soek

kaatje kekkelbek
'het zelfs een tong in haar smoel'
en sy sê:
 ek ken jou witkind
 van jou grensdae af,
 ek ken jou land — en myne
 en jou vee
jy dink ek is jou vreemdeling in jou poorte,
maar ek was nog altyd by jou
soos jou kindermeid
en op jou
soos die fillestynne
en in jou
soos die wurms wat jou skape van agter binnevreet

kaatje kekkelbek
'is op haar bek niet gevalle'
en sy sê:
 jy weet van my witman
 (ten spyte van die skeidslyne)
 en van ons land
deur ons onderskeie gode aan ons gegee —
ek was nog altyd by jou
soos jou huisbrak
en op jou
soos bendes boosaardige boesmans
en in jou
soos die baster/griekwas
wat jou edelsteenland van jou wou wegneem.

my hart is 'n sigeuner
my lief en leed die Lewe
al wat ek nalaat
— 'n liefde vir die wydheid
en die waped

Verby

ALLES gaan verby
tussen
die Lewe en my
en die stukkie seer
wat elke keer
hierbinne agterbly
kanker my
menswees verby
na die stillewe
van verstarde fossiele

die woord die woord die woord
wat nie kan of nie wil uit
ek moor hom
ek smoor hom
ek sluk hom weer in
en dy al groter uit

bars die ballon
laat die wind uit
blaas in die lewe
en maak toe die tuit

Doodsberig

In die bos
by die voor,
oor die dood
van sy vrou
lê sy trane
gestol
in die ribbok
se spoor.

Vaderlandsliefde

Ek sing vir jou,
'n lied
van stof en blou
en reent en suikerriet.

Die Rooi Haan roep

Aan die stempel kan sy sien dat die brief reeds 'n maand oud is. Die bekende skrif is deurgehaal en haar nuwe adres is met haar vorige hospita se groot ronde letters onderaan geskryf.

Sy steek die brief in haar sak en wil net by haar kamer ingaan toe die foon lui. Dis Duard en sy kan hoor dat hy verleë is — hy moet eers huis toe en sal haar nie kan hom haal nie. Sal sy self daar kan kom?

Sy verseker hom sy sal regkom, maar toe sy by haar leë kamer inkyk, draai sy weer om, trek die deur agter haar toe en slaan 'n koers in. Eers toe sy voor die ou kampkafeetjie aan die kant van die bos staan, besef sy hoe ver sy geloop het. Daar is alles verlate en toe sy by die stukkende ruite inkyk, kan sy aan die dik laag rooi stof sien dat alles reeds lank toestaan.

Sy stap aan tot in die kamp. Die sementvloere vir die opslaanhuisies maak oral vaal kolle in die bruin sand. Hier en daar staan tog 'n verdwaalde tent. Sy stap tussen hulle deur tot by die groot boom naaste aan die kiosk.

Sy gaan sit teen die skurwe stam en haal die brief uit. Sy lees die kort sinne weer en weer en laat die woorde van vergifnis oor haar spoel : Hulle is bekommerd oor haar veiligheid, sy moet huistoe kom, hulle verlang na haar.

Hulle verlang na haar, verlang na haar..... Sy sien die kamp vol tente word, sy hoor die kinders lag. Hulle gooi mekaar met klappers en kruip agter die tente weg. Sy loer saam met haar maats by die kafeetjie in en sy hoor die klavier speel. Die musiek word harder, word deel van haar. Sy hoor haar ma van veraf roep maar sy stap in, in tot sy langs die klavier staan. Haar ma se stem raak weg en sy kyk na die man se donker kop wat oor die note gebuig is. Hy glimlag en speel aan.

Sy sit die brief terug in haar sak, staan op en stof die sand van haar klere af.

Op die kiosk se stoep hoor sy mense praat en by die ingang staan 'n paar visstokke teen die muur.

Toe sy oor die pad is, vat sy haar skoene in haar hand en draai regs oor die nat sand. Die water het ver teruggetrek en blink stil in die laat middagson. Sy stap stadig al langs die strand terug en koets kort-kort ingedagte vir 'n klein krappie wat vinnig voor haar voete wegskarrel.

Eers toe die bome donker skaduwees oor die sand begin gooi, skrik sy en kies die kortste pad na haar kamer. Daar gooi sy haastig 'n ander rok oor haar kop en kyk vinnig in die spieël voor sy weer die deur agter haar toetrek.

Sy is moeg toe sy die hare uit haar gesig stoot en op die hoek van die straat gaan staan. Sy het vinnig gestap en plek-plek gedraf want die strate is donker. Oorkant haar op die hoek flikker die neonligte haasbek D..e Ro..i Ha..n.

Sy stap haastig oor die straat en toe sy die deur oopstoot, voel sy die skemer ritme van die tango. Sy druk die deur agter haar toe en stap stadig na die verhogie waar die orkes sit. Sy staan langs die klavier en kyk af na Duard se donker kop, raak eindelik saggies aan sy skouer. Hy glimlag, speel aan.

In die kleedkamer wag Maria reeds vir haar. Sy trek die kam deur haar hare en sien in die spieël Maria se donker oë vraend op haar gerig.

“Jy's laat? Antonio het al gevra waar jy is.”

Sy trek haar skouers ongeërg op : "Ek moes loop."

Die oë bly vra en onwillig verduidelik sy : "Duard moes eers huis toe. Een van die kinders is glo siek."

Toe hulle die deur oopmaak, staan Antonio hulle en inwag. Hy beduie ongeduldig na 'n tafel waar twee mans alleen sit. Sy vererg haar en stap met 'n regop rug na die tafel. 'n Gesette donker man trek vir haar 'n stoel uit, leun oor haar en bestel dadelik vir haar 'n drankie. Sy skuif terug in haar stoel sodat sy Duard se oog kan vang, lig haar glasië en knik vir hom.

Sy hoor Maria oorkant die tafel gesels en sien uit die hoek van haar oog 'n groepie vakansiegangers inkom en in die hoek gaan sit, maar toe die saksofoon begin kla, vervaag almal totdat sy net die orkeslede teen die skemer afgeteken sien.

Later skud sy haar kop ongeduldig en sien dat al drie vir haar sit en lag. Die dikke pomp haar in die ribbes : "Wat dink jy so ver? Kom ons dans liewer!"

Hy pluk haar op en sy gee haar gelate oor en skuif soos 'n dwelmslaaf saam met hom oor die klein ronde vloer sonder om sy nat sweetwang teen hare te voel. Sy maak haar oë toe maar ruk hulle weer oop toe hulle in 'n ander paar vasdans.

"Askies vir die wals!" bulder die blonde man en waai vrolik vir sy medevakansiegangers in die hoek. Sy vrou probeer hom stilmaak, lag dan skaam en gee 'n lang tree om die draai te maak.

Sy kyk na Duard, trek haar skouers effens op terwyl sy toegeeflik na hulle kant toe glimlag maar haar dansmaat kyk af, sien die glimlag en trek haar vaster teen hom aan.

Terug by die tafel gesels sy saam maar haar oë dwaal tussen die kampeerdere en die klavier. Sy kyk hoe Maria en haar maats dans en skuif later die glas uit die pad uit toe haar metgesel se kop al laer sak en teen die rand van die tafel rus.

Dis seker na aan middernag toe Maria saggies vir haar beduie om om te kyk en sy besef dat dit skielik doodstil geword het.

Hulle staan net binne die deur en vir 'n oomblik wil sy lag want hulle herinner haar aan die helde van die Wilde Westeflieks wat sy as kind saam met haar pa by die Roxy gesien het.

Twee leun liggies teen die muur terwyl die gewere ontspanne langs hulle hang. Die derde stap vorentoe met 'n spierwit grynslag op sy glimmende gesig.

Antonio stap nader terwyl sy mondhoëke spring-spring om te glimlag en hy nooi hulle met 'n wye gebaar binne. Sy sien nog hoe sy mondhoek ruk toe die kolf hom tref en sy bene onder hom invou.

Die man lag wit, vat 'n glas en kyk stadig in die rondte na al die gesigte wat vasgevries by die tafels sit. Hy kyk na die dikke wat saggies snork en keer stadig die inhoud van die glas oor sy kop uit.

Sy sien Duard se oë maar smeek hom woordeloos om stil te sit.

Die blonde kampeerder in die hoek spring met 'n gedempte vloek op en val terug in sy stoel. Sy vrou kerm saggies terwyl sy die bloed voor sy neus en mond afvee. Die man lig die geweer effens, stap met afgemete treë nader en sy bly stil, die rooi sakdoek voor haar eie mond gedruk.

Aan die oorkant van die tafel sit Maria roerloos, haar gesig stil, haar oë geheel en al uitdrukkingloos.

Sy voel Duard se oë op haar en weet in die een helder oomblik dat sy liefde genoeg was vir haar en vrou en kind. Sy kyk lank na hom. Hy glimlag vir haar en begin sag speel.

Paniek maak haar lam, maar sy weet dat sy iets moet doen. Sy kyk na die vreemdeling en sien dat sy oë nouer trek toe hy na die klavier kyk.

Toe staan sy met bewerige bene op en stap hom tegemoet. Sy raak sag aan die arm wat die geweer vashou. Hy draai hom om en kyk na haar.

Sy hoor hoe die klavier sag "Sempre Sempre Amor" speel toe hulle omdraai en na die deur stap.

Net voor hulle by die deur uitgaan, lag die ander twee vir haar met wit tande, lig hulle gewere en mik na die klavier. Sy kyk lank na die donker kop wat oor die note gebuig lê. Skuins onder sy skouer is twee netjiese ronde gaatjies.

Buite kyk sy terug na die neonligte van die Rooi Haan. Die man aan haar sy lag, lig sy gewere en maak die naam heeltemal donker. Sy ril ten spyte van die warm aandlug. Hy merk dit, slaan sy los hand om haar skouer en sy voel hoe sy vingerpunte twee netjiese ronde gaatjies agter haar rug brand.

A-M. BONTHUYS

Plan

vierkantige kamer
vierkantige vloer
reghoekige venster
reghoekige deur
regaf tralies
en reguit kosyn

met vierkant
en reghoek
en reguit lyn
bou ek 'n skuiling
vir my vormlose waansin
met die skietlood van pyn

Parskuip

11870A, 11870B, eindelijk die kompartement. Ek sien nog ouPieta langs die trein hardloop: knieë hoog opgetrek; sy lang arms wat in die rondte pomp en die twee baadjiepunte wat wegstaan soos 'n mamakou se vlerke as sy haar kuikens teen gevaar beskerm. Piet Plesier moes sy naam gewees het. Dis seker omdat hy weet dat ek so ellendig oor Linda voel dat hy so 'n prima nar was.

Ek ruk die kompartementdeur oop.

In die linkerhoekie sit iets. Sy mond hang soos 'n idioot s'n oop. Sy kop rol heen-en-weer nes 'n pendulum. Met elke snork walm die hele wêreld warm wyn. Die skoepunt tok-tok met elke swaaislag teen die houtpaneel.

Ek stoot hom met my skoepunt aan — geen reaksie nie.

“All tickets please! Kaartjies asseblief.” Toe ek opkyk, stut die kondukteur teen die deuropening. Sy swart uniform is vaal verkreukel; die pet ver agteroor gestoot.

“Kyk hier, Meneer. Jy moet iets hiermee maak.” Ek beskuldig met my vinger.

“Hoekom? Pla hy?”

“Pla! Hy's dronk! Hy stink!” My irritasie spiraal hoër.

“Dis oor jou neus so heilig is. Gaan steek 'n dop, Swaerie, dan voel jy beter.” Hy trek sy skouers op, klik-klik saaklik my kaartjie, mik rooioog na die dronke en steier 'n oomblik onvas.

“Moenie flap nie man. Hy't ok sy ticket betaal.”

Ook dronk, mompel ek en kners my tas op die bank langs my neer. Meng jou met die doppe ... Ek gluur hoek se kant toe, klap my koerant oop en skans my daaragter.

Tok, tok, tok kap sy skoen teen die deur.

Dit klik oop. Ek knak die koeranthoek. Ag asseblief!

Attie Askies kurktrekker handewringend na binne. Hy het nog dieselfde slap kuifie, smeersnorretjie en hondjienederige houding van sy ex-universiteitsdae. (Seker ook nog net so vervelig.)

“Dagsê, Paultjie. Ek wou mos sê dis jou naam op die passasierslys. Hoe gaan dit, Paultjie? Wanneer word jy dominee? Dit sal”

“Paul!”

“Hu, o.” Ek sien hoe werk sy adamsappel soos hy aan die askies sluk. Dis die dat hy ook askies aan sy studies moes sê.

Hy teem weer.

“Wanneer trou jy, Paultjie, ee, Paul? Ek hoor jy sleep so 'n oulike aster. Ja-nee, die goedjies....”

“Ek is deurgesleep,” skiet ek. (Loop, loop tog man!)

“Hu, o.” Hy askies weer.

“Toe maar, Maat, daar's baie tweebeengoedjies. Ek was gelukkig. My Letta is 'n baie goeie vrou — stil en bedees, sonder flemies.”

(Lyke is gewoonlik.)

“Het jy gehoor van ou Louis? Hy het ook mos voorverlede maand strop gevat. Ek kry hom....”

Die trein skok deur elke lid van sy lyf.

“Is dit nie jou stasie nie!”

“Hu, o. Krugersdorp. Dan groet ek weer. Dit was lekker. Dankie vir die gesels.” Die adamsappel wip. Hy pootjie byna oor die dronke se voet. “Askies,” mompel hy.

Die deur sjar toe.

Ek veer orent. As ek nie nou vars lug kry nie verstik ek in die siestog. Ek beruk die venster. Nes die Spoorweë — alles is altyd skeef of in sy maai. Die venster knal oop.

’n Blonde poliesmannetjie stamp verby. Elke koperknoop flits son. Twee waens verder kartets hy.

“Haai, Kaafer! Waar dink jy gaan jy heen? Ka jy nie leesie?” Sy vinger tril na die - Slegs vir Blankes — bordjie

Buffel! Is so ’n hoehaai nou nodig. Weer ’n bietjie gesag opgetel. Die afkeuring in my wil-wil oorstoot. Wat sou die vent hom verbeel.

Hy pou weer verby. Die keer loop ’n kleurling deur; spoeg ’n minagtende streep voor die bruin stewels en heupswaai agtertoe.

Ek pluk my kop terug. Sak op die bank neer. Linda se gesig flits ’n oomblik. My gedagtes kolk. Die dronke swaai nog heen-en-weer. Alles trek op ’n knop op my maag saam. Dofweg hoor ek die blonde poliesman. My afkeer word ’n brandglas.

Ek vlug gang toe. Twee spore verder lewer ’n trein sy rantsoen op die oorkantste perron.

’n Skraal wese klouter verkeerde kant uit en begin wankelend oor die kaal spoor strompel. Is hy nou befoeter!

’n Klankstreep fluit die stasie binne. Die man is in die middel van die oop spoor.

Ek verkalk; grootoog, kneukels wit op die reling — magteloos.

Toe flits ’n blonde straal oor die spoor. Lig die man aan sitvlak en kraag en stormram hom by die stilstaande trein in.

Die klankstreep sis verby.

My ore suis. Ek voel bewurig.

HY kom al weer terug en gryp die handreling en wip by ons trein in.

Ek wankel die gangetjie af. Toe ek eindelijk die knope sien flits, gaan ek staan.

“Meneer... netnou... daarbuite ...ek het gesien. Ek wil net aan ’n held vat.”

“Ag, dis niks. Ons moet dié ouens maar ophelp.”

Ek het reeds omgedraai. Die trane kraak my visie. Die doppe bars oop; spoel skoon. Ek struikel, val, staan op.

Die kompartement is gesellig eensaam.

Elke snik is nader aan die eindproduk.

Die trein gly die stasie uit.

Die rooi motor op die brug

Vandag is 'n doods-kroeidag. Karien kyk na juffrou Wessels en sien sweetstraaltjies by haar slape; met haar een hand leun sy teen die swartbord. Dis tog snaaks, dink Karien, ek het altyd gedink net vet mense sweet. En juffrou Wessels is jonk en mooi met blink, swart hare. Nou skryf sy in duidelike groot letters die huiswerk op die bord.

As die klok eindelijk lui, sien Karien dat Babsie en Marie reeds klaar ingepak is en by die deur vir haar wag. Sy swaai haar klein bruin tassie ritmies teen haar bene as sy saam met die twee stap. Die tweeling woon duskant die brug en Karien-hulle anderkant; maar soos sy so dikwels al gedoen het, stap sy doelgerig saam met hulle huis toe. Van ver af sien hulle vir Basjan. By oom Jan se meule leun hy styf teen die draad en fluit saggies deur die opening waar sy voortande was. Hulle stap tot by hom en hy beduie dat hulle moet stilwees. Sy gesig is kruis en dwars vol strepe soos hy teen die draad gedruk het. Hy het katjies by die skuur sien ingaan en probeer hulle weer uitlok. Die drie meisies gaan op hul skooltassies sit. Terwyl hulle wag vertel Marie dat juffrou Wessels gaan trou in die vakansie. Meneer Olivier het so gesê en meneer Olivier weet want hy skryf elke Maandagmôre die woorde van die nuwe Psalm/Gesang op die swartbord in die saal. Karien het al gesien dat hy soms saam met juffrou Wessels skool toe of terug ook stap. Gaan sy dalk met meneer Olivier trou? Dan kan sy volgende jaar weer vir ons kom skoolhou.

Op hierdie oomblik kom een katjie by die skuur uit en Basjan se fluitgeluide gaan onmiddellik oor in 'n gesis. Hy druk sy gesig weer so styf teen die ogiesdraad dat die merke van die ogies kruis en dwars oor sy gesig uit-slaan. Die katjies wat uitkom is almal vaalgrys en brandmaer. Maar nou dat die katjies uit is, is die belangstelling ook besig om te verflou.

Karien, Babsie en Marie besluit om verder te stap. Agter Koen se Kontantwinkel is 'n groot oop stuk grond waar hulle graag hop-skôts-'n-jump speel. Babsie is eerste daar en begin solank vierkante en sirkels trek met die agterkant van haar skoolpen. Dit is so vreeslik warm maar hulle kan ook nie skoene en kouse uittrek nie want dan brand die grond weer hul voete. Hulle gooi klippies, spring en hardloop totdat hul tonge naderhand uithang. As een se beurt klaar is mag hy bietjie onder die groot doringboom gaan sit totdat dit weer sy beurt is. Hulle sit sommer op hul tasse.

Met Karien se tweede beurt sien sy midde-in haar sprong die rooi kar om die hoek kom. Sy is nog maar by die eerste sirkel maar sy los alles net so, gryp haar skooltas en nael vir die brug. As sy net eerste by die brug kan kom. Pa sal tog nooit daaraan dink om onder die brug te kom soek nie. Die rivier is juis nou feitlik leeg. Sy hardloop dat die groot blou lint wip-wip-wip in haar hare.

Sy en die rooi kar kom gelyk by die brug aan. Sy is bloedrooi van die son en die hardloop. Haar keel brand en haar tas voel so swaar soos lood. Maar daar is nou nie meer keer nie. Pa is reeds uit die motor en met 'n paar groot treë is hy by haar. Sy hand knel om haar bo-arm.

"Karien! Kom klim in dat ons ry." Pa se stem is grof soos altyd wanneer

hy kwaad is en Karien weet sommer wat gaan kom. Eers toe hulle voor die huis stilhou kry sy haar asem terug van die hardloop.

“Gaan was jou hande en gesig Karien dan kom jy asseblief studeerkamer toe.”

Karien weet maar te goed wat dít beteken. Die groot kliphuis is koud en stil. Ma en Donna is nêrens nie. Sou Ma dalk vir Donna buite stoot of op die skoppelmaai laat ry?

Pa wag in die studeerkamer en maak die deur agter Karien toe.

Hy gaan sit op die rusbank. Sy stem is sag toe hy praat. “Karien, hoeveel kere vantevore het ons nie al vir jou gesê om ná skool direk huis toe te kom nie?”

Karien kyk skuldig af. Pa het vandag sy bruin skoene aan. “En jy weet wat doen ons met ongehoorsame kinders, nê. Weet jy? vra pa weer. Pa se stem is so sag en vol simpatie dat Karien sommer begin huil. Pa haal sy belt af en neem Karien aan die hand. Hy trek haar nader en vou haar vooroor oor sy skoot. Met elke hou huil Karien harder. Ná die laaste hou sit pa haar weer regop op sy skoot en vee haar trane met sy groot sakdoek af.

“Nou sal my kind nie weer rondloop ná skool nie. nê? Kom reguit huis toe en daarna kan jy gaan speel.”

Karien wil nog harder huil maar toe hoor sy vir Ma en Donna by die voordeur inkom. Donna sê iets soos “Wanneer gaan Ma nou bel?” en toe sê Ma duidelik: “Wag, ek sal vir Karien vra om al jou maatjies se nommers te skakel, dan kan jy self die praatwerk doen.”

Karien weet daar wag nou weer ’n saligheid op haar. Sy vergeet om verder te huil en loop telefoon toe. Ma gee ’n lys van nommers wat sy moet skakel en Donna mag self haar maatjies na haar partytjie uitnooi.

Die volgende dag is Karien vroeg reg vir skool. Sy het gisteraand aan ’n plan gedink en sy kan nou nie wag om by die skool te kom sodat sy vir juffrou Wessels kan vra nie.

Toe sy die hekkie oopstoot straat se kant toe, sien sy Deon van Vuuren om die hoek kom op sy fiets. Toe hy regoor haar kom, gooi hy die beuel om sy nek windmaker na agter, trap effens rem en skree hard: “Môre pêtrestêre, wil jy opklim agter?”

Karien voel hoe sy rooi word. Sy kyk haastig om te sien of Pa nie al in sy studeerkamer is en dalk die simpel Deon gehoor het nie. Pa sal haar doodslaan, hy sê heeldag vroeg ryp is vroeg vrot en Deon is al in die *hoër skool*. Maar Deon is al ’n ent weg en sy hoor hom lag. Die beuel blink op sy rug. So ’n simpel mansmens.

Omdat Deon sy beuel het, weet sy dit is Vrydag vandag. Altyd wanneer hulle Vrydae opening in die saal het, speel die kadetorkes so hard oorkant die straat by die hoër skool. Pa sê dit is sonde om nie te luister wanneer iemand bid nie, maar wanneer meneer Vrydae met saalopening bid en sy maak haar oë styf toe, en alles is eerbiedig stil, dan hoor sy baie duidelik die seuns speel *Erika*. En dan sien sy ook in haar verbeelding vir Deon regs voor. Maar vandag sal sy mooi luister as meneer bid in die saal want sy wil nie vroeg ryp, vroeg vrot wees nie.

Ná opening het die kinders nog skaars reggeskuif in hulle banke of Karien se hand is op. Juffrou Wessels het vandag ’n rooi rok aan en haar hare blink baie mooi.

“Ja, Karien?”

Karien spring gretig op. Haar ogies blink vol afwagting.

“Juffrou, mag ek asseblief juffrou se blommemeisie wees wanneer juffrou gaan trou?”

Juffrou Wessels glimlag stadig en toe sê sy in 'n sagte stem: “Dis baie gaaf van jou om aan te bied, Karien, maar ongelukkig het ek reeds 'n blommemeisie en 'n strooimeisie gevra.”

Karien gaan sit stadig. Teleurstelling lê duidelik oor haar hele gesiggie geskryf. Toe juffrou sê hulle moet hul somboeke uithaal, kry sy nie haar somboek in haar tas nie. Haar vingers voel dom om te skryf. Sy worstel deur die oggend.

Met pouse bied Basjan haar die helfte van sy lemoen aan. Sy gryp dit gretig uit sy hand en by die deur gooi sy dit voor sy verbaasde oë in die snippermandjie. Buite wag sy nie soos gewoonlik vir Babsie en Marie nie, maar slaan sommer 'n koers in. By die skoolhek staan 'n prefek. Sy voel lus om vir haar tong uit te steek.

Net toe sy by die hek kom, hoor sy weer die kadetorkes oefen. Nou speel hulle hard en vals en lelik. Die simpele, simpele Deon van Vuuren. Hy speel natuurlik die valsste van almal.

Op die sypaadjie wag Babsie en Marie vir haar. Sy stap saam met hulle maar bly nors. Sy is net bly dat hierdie goor dag verby is. Toe Deon met sy fiets verbygejaag kom, voel sy lus om hom met 'n klip te gooi.

Naby die brug gaan Babsie skielik staan.

“Haai, Karien, kom eet saam met ons moerbeie jong. Ons boom is vól.”

Sonder om twee keer te dink, draai Karien kort duskant die brug saam met hulle in Kortstraat af. Haar hart is nog seer. Sy het nogal gedink omdat sy altyd eerste in die klas staan sal juffrou haar graag vir 'n blommemeisie wil hê — en juffrou het nie eers aan haar *gedink* nie!

Die tweeling se huis is groot en koel. In die kombuis sit hulle hul tasse neer, trek hul skoene en kouse uit en die ousie gee vir hulle yskoue melk.

Voor die ander nog behoorlik klaar is, loop Karien moerbeiboom toe. Sy klim in die boom tot so hoog as wat sy kan, tot heel bo waar baie persryp moerbeie sit. Sy eet en sy eet. Naderhand hou sy haar blou skoolrok bak en gooi haar skoot vol moerbeie. Die papsagtes druk sy fyn totdat die sap tussen haar vingers deurloop.

Toe sy weer deur die blare na onder loer, sien sy die rooi kar op die brug. Sy sien duidelik hoe haar pa stadig ry na alkante toe soek. Met een beweging gooi sy die ryp moerbeie in haar skoot na onder, spring uit die boom en stap vasberade in die rigting van die rooi motor. Sy neem haar voor om vandag nie een keer te huil nie. Al slaan haar pa haar stukkend, sy sal nie 'n geluid maak nie.

Heilige

In Calcutta kreppeer die krotgeknelde melaatses
en Moeder Teresa trotseer nederig die tyd
met heilige hand wat helend help.

'n Gloeiende gedaante geraam in gekleurde glasmosaïek
gooi haar lig lawend oor die lam en ellendiges.

Aanbiddende offer van 'n ou gewyde lyf
en lende omgord met enkel geloof
werk wonders
in 'n wêreld wat nie meer
in wonders glo nie

Coincidentia Oppositorum

1. Van goed tot kwaad, deur tyd
tot ewigheid
en lig tot donker duisternis lê
uitwaarts en inwaarts
die spore van die getallemester.
Pythagoras, jou wêreld lê versplinter
in ontelbare skerwe.
My kosmos is klein met groot verskeidenheid.
Een uur sonder tyd en die onbegrensde sandkorrel
bring my nader
aan die smeltpunt van my siel:
waar maksimum minimum word
en identiteit afwesig verskiet.
2. Alleen oor die volle speelveld
is die harmonie hoorbaar:
hoog en laag, snydende trompet
of sidderend drom,
alle hande gehoorsaam die streng hand
van die Hoofdriënt.

Al sou die harmonie disintegreer,
sou hy dit in sy kop bewaar
sonder om te neurie.
3. Die beelde van Phidias, ou Moses en die man
wat koud sit met sy hand op sy ken,
daardie bemeesterde beelde wat weer
met koue vlam vars hande grof laat beitel,
klim almal tot suiwer soom
uit die modderige stof
van die straatveër se moeite.

U sien, die opwaartse pad is dieselfde
as die een áf.
En die man met die hond
val vrolik van die krans.

4. Die katastrofe wat meganies-gestadig ontvou
duur net 'n oomblik.
En in die kleedkamers knik hulle, wetend:
die rasende vors is 'n rustige mens
en in die klam kelder deel die dooie die kaarte
tot ons weer ontmoet.

Die huidige oomblik verskiet:

dit is nie —
net die gestolde gips van die verlede
was solied; van toekoms geen sprake.
Alles 'n spieëlbeeld in die skemer,
en die gordyn is feitlik toe.
Wanneer dit lig, is alles in tablo.

5. Die ewige kompleksiteit
verkleineer die mens.
Eén omvattend verstand:
'n warboel van senu en bloed
weef 'n verskriklike skoonheid.

Twee bakkies in die kinderliteratuur

Twee totaal verskillende kinderboeke, maar elk met 'n bakkie wat 'n beslissende rol in die werk speel, het die afgelope jare in Afrikaans verskyn. Dit is naamlik *Die Wildsbok van Ver-eiland* van Hester Heese en *Lientjie en die slapers* van Carl Lohann.

Hester Heese is al langer as 'n dekade bekend vir die verdienstelike kleuter-, kinder- sowel as jeugboeke wat sy skryf. *Die wildsbok van Ver-eiland* is 'n kinderboek. Dit word die "vervolg" genoem op die werkie *Die huis op pale* maar is dit eintlik slegs in dié sin dat dieselfde hoofkarakter Pieter in albei optree en dat die laaste chronologies op die eerste volg. Elk is 'n werk op sy eie. Die benadering van die stof verskil: in *Die huis* val die klem op verbeelding-in-drome wat aanknopingspunte met die werklikheid kry op slim en selfs humoristiese wyse; dié verbeeldingsgebeure vind plaas tydens Pieter se rit na sy ouma se huis op Ver-eiland. *Die wildsbok* dek die lang naweek dat Pieter by sy ouma by die see kuier en die benadering is hoofsaaklik realisties — hoewel die realisme verlig en verdiep word deur iets toweragtigs wat juis aan die werkie sy besondere atmosfeer gee.

Bou en inhoud hang fyn saam. Daar is geen uiterlike, sterk storielement wat die haastige kinderleser sal boei nie; dit handel om die seuntjie se verlange om die wildsbok te sien waarvan sy ouma hom vertel. Dis 'n werklike vlees-en-been bok, en tog word hy só deur die ouma beskryf dat hy 'n magiese kwaliteit bykry: hy is wit, en hy verskyn gewoonlik in die maanlig. Sowel ouma as kind wens hard dat hy weer moet kom, want "in die volmaan lyk hy soos 'n ... soos 'n towerbok." (p. 12). Deur die kort hoofstukkies verlang Pieter na hom en soek hy hom; steeds duideliker is die tekens van sy teenwoordigheid: eers sien hy sy spore in die klam sand, dan sien Pieter en ouma Mien spore en mis in die bos, daarna kom die bok inderdaad na die huis toe maar Pieter sien hom nie omdat hy op die treetjies aan die slaap geraak het. Oplaas, in hoofstuk tien en op die derde aand (deur dié getalle word die magiese element versterk) verskyn die bok 'n oomblik in die lig van 'n blits. Subtiel loop die spanning dus op na 'n klimaks wat gedeeltelik wel vermoed is maar tog verrassend ook is: die bok verskyn nie in maanlig nie maar tydens 'n geweldige storm (wat natuur in harmonie bring met die innerlike onrus wat Pieter ervaar).

Juis omdat die bakkie so vlugtig sy verskyning maak en dadelik weer verdwyn, bevredig dit nie net Pieter se realistiese begeerte om hom te sien nie maar word die magiese element behou — en só ook die atmosfeer van wonder-in-werklikheid.

Die taalgebruik is sensitief en pas by die kindersfeer. Mooi vergelykings uit kinderoopunt word getref, soos die maan wat "'n ronde lamp in die lug" is (p. 1) en vissershuse wat teen die groen heuwelhang sit "soos wit seevoëls wat hulle in die son droogmaak" (p. 8). Ietwat geyk is wel die rivier wat "soos 'n breë lint" lyk (kyk p.1), en soms is daar iets opsetliks aan die beskrywings waardeur mens bewus word daarvan dat dit die skryfster is wat voorstel en nie Pieter wat self só beleef nie: "Deur die bome kyk hulle. In 'n oopte, omring deur bossies, is 'n meer. Honderde flaminke staan in die water..... Twee kom aangevlieg en sak statig neer" (p. 32). Deur gedetail-

leerde beskrywings word die aard en atmosfeer van see en bos fyn weergegee.

Slegs drie karakters tree in die werkie op. Al drie word lewendig en met aandag aan eg-menslike trekke voorgestel. Die agtergrondsfiguur Albert bring Pieter met die motor na die huis op pale; hy werk ook in Ouma se tuin. Die verhouding tussen hom en Pieter is simpatiek, hoewel Albert voorgee dat hy nie veel na een of ander kant toe omgee nie: hy gaan haal Pieter by die see as dit hoogwater word, wil hom met sy skuit uitneem, en hulle drink vroegoggend saam koffie. Van die drie is hy tog die mins bevredigende figuur omdat die leser hom nie presies kan plaas nie: 'n mens vermoed dat hy 'n Kleurling is maar dit word nêrens reguit gesê nie. Dis tog seker onnodig om op dié manier die kleurkwestie te 'ontduik'? Hoe pragtig en positief word juis die verhouding tussen Kleurlingman en jong blanke seuntjie byvoorbeeld uitgewerk in *Dirkie van Driekuil* van Alba Bouwer!

Ouma Mien, die ander agtergrondsfiguur, word 'n oortuigende karakter. Haar oud-wees word uitgebeeld deur die feit dat sy aan die slaap geraak het terwyl sy wag dat Pieter moet kom, ook in haar manier om te sug, en sy raak moeg as hulle stap. Sy is baie bekommerd as Pieter te lank alleen by die see speel, en sy kan streng wees as dit moet: Pieter mag byvoorbeeld nie op Albert se skuit gaan vaar as dit onweer is nie. Maar sy is ook méér as bloot tipiese ouma: sy verstaan die kind en tree sonder moeite toe tot sy kleinseuntjie-wêreld. As hy doodmoeg in die bed val die eerste aand, kompromitteer sy wat 'n gebed betref deur slegs in sy plek "Nag, Here Jesus" te sê. Sy verstaan sy begeerte om vir die bok te wag as hy vaak is en laat hom begaan. Veral prikkel en verryk sy sy verbeelding deur van die bok te vertel en iets wonderliks aan die dier toe te dig: sy word bondgenoot in die soeke na en wag op die bok en deel sy vreugde as Pieter hom oplaas sien. Met sekure penstrepe word dié verhouding tussen ouma en kleinkind dus uitgebeeld.

Ook Pieter, as hoofkarakter, word goed hanteer. Die kinderleser met sy drang na presiesheid sou graag wou weet hoe oud hy is — 'n mens skat hom op sewe of agt omdat hy al self sonder moeite 'n storie kan lees. Origens doen sy reaksies miskien effens jonger aan, veral sy neiging om dinge en diere persoonliker te beleef. Die branders en verskillende voëls 'praat' byvoorbeeld met hom. Dis 'n genuanseerde karakter wat enersyds baie lief is vir diere (hy pleit dat Albert 'n ry aartappels vir die ystervark moet laat staan), wat onskuldig baljaar op 'n sandduin en hom verwonder aan die voëls in die bos, maar andersyds vertoon hy ook opstandigheid as hy nie saam met Albert mag uitgaan nie en ongeduld met die onweer. As dit hoogwater word by die see, raak hy bang maar sal dit, tipies seun, nie erken nie; hy "woel sy gesig los" (p. 5) as Ouma hom soen en is nie geneë om hom te laat help uittrek nie. Op natuurlike wyse vloei sy geïnteresseerdheid in die wildsbok uit sy liefde vir diere enersyds en sy wakker verbeelding andersyds. Dis moontlik vir 'n kind om dié karakter, wat sonder sentiment maar simpatiek voorgestel word, te identifiseer.

In die geheel gaan die lesertjie wat rustig lees en 'n boek graag met sy hele wese ervaar, baie uit hierdie werkie put. Die haastiger kind sal veral baat by die voorlees van die werk, waar dinge onder sy aandag gebring kan word.

Lientjie en die slapers is Carl Lohann se derde kinderboek. Telkens kom hierdie skrywer met iets nuuts wat opset en aanbidding betref: eers 'n sober 'oorvertelde' legende van 'n houtvrou, daarna 'n meer realistiese kinder-

verhaal waar 'n janfrederik fokuspunt en bindmiddel is, en dan bogenoemde werkie waar werklikheid vermeng met fantasie.

Die tema is moeilik maar nie onaanvaarbaar nie vir die jong kinderleser: aanraking met en aanvaarding van die dood. Soos in Heese se werk staan 'n bokkie sentraal in hierdie boek, maar sy optrede is meer realities: die diertjie is bekend en mak gemaak met, mettertyd, 'n eie naam (Klossie). Aan hom as sodanig is daar dus niks toweragtigs nie, maar hy gee aanleiding tot fantasie. Die hoofkaraktertjie, Lientjie, kry hom naamlik as geskenk nadat sy baie siek was. Sy speel graag met hom by sy kampie en bring vir hom blare om te eet. Wanneer sy — met die aanvaarbare nalatigheid van 'n kind — die hekkie laat oop staan, jaag en beseer die honde vir Klossie. As hy die nag langs Lientjie se bed lê, kom die slapers nader. Hulle is voortbrengsels van haar verbeelding; sy het reeds tydens haar eie siekte van hulle gepraat. Nou eis hulle die duikertjie op en Lientjie aanvaar dat hy in die ononderbroke slaap wat hulle bied, gelukkig sal wees.

Juis teen hierdie “slapers”, waaroor dit wesenlik gaan, het ek beswaar. In die begin van die verhaal, wanneer Lientjie van hulle praat — haar interpretasie van die dood — sê haar pa dat daar nie so naby iets is nie. Uit sy perspektief (ook minder aanvaarbaar in 'n kinderboek) word die slapers met die vrees van skeiding geassosieer en as sodanig weggestoot: “die slapers, hul moet ver weg gaan, / hul moet Lientjie hier by my laat staan” (geen bladsynommers kom voor nie). Teen die einde word hulle voorgestel as aanvaarbaar en vind Lientjie dit goed dat Klossie na hulle gaan, want “daar is hy veilig, in die ver land waar hul woon”.

Nie-literêr maar by 'n kinderboek m.i. ook van groot belang, is nog 'n beswaar: die idee van “slapers” wat die dooies wegvoer na 'n land waar hulle ongestoord kan “lê en drome droom” druis in teen die deursnee-Afrikaner-kind se godsdienstige opvatting van 'n Hemel waarheen 'n mens na die dood gaan — van ewig *lewe* dus en nie ewige *slaap* nie. Dis waarskynlik veral om dié rede dat kinders beweer dat hulle nie ‘van die boek hou’ of ‘dit nie verstaan’ nie. As ek weer na *Dirkie van Driekuil* mag verwys: ook in dié klein boekie gaan dit om die dood wat aanvaar moet word ('n akkerboom in die middel van 'n dam gaan dood) maar hoeveel positiewer is die oplossing nie! Dirkie verneem dat geen dood finaal is nie, dat ook die boom 'n “plannetjie” sal maak en 'n “nuwere bedeling” tegemoetgaan. So gebeur dit dan ook as subtiel maar ontroerend beskryf word hoe die boom teen skemeraand die slaapplek word van talle bosluisvoëls. Die boom, oortrek van lewende wit bloeïsele, gee aan die kinderleser 'n glimps van 'n heerlike lewe ná die dood.

Die werkie is in prosaverse geskryf, verdeel in korter en langer strofes. Enkele kere word rym wel aangetref, 'n keer selfs binnerym: “Pa, sê gou vir my, watter naam kan hy tog kry?” Die taal word op so 'n wyse aangewend dat 'n kind dit maklik kan verstaan: eenvoudig, klankryk, onsentimenteel. As die geheelindruk tog ietwat strak is, vergoed die pragtige illustrasies van Elly Holm wel daarvoor. Die kind se wêreld word betrek, maar dwarsdeur is 'n alomteenwoordige verteller aan die woord waarvan die leser bewus bly.

Op subtiel wyse word van herhalings gebruik gemaak. Assonansie en alliterasie kom voor maar nooit opsetlik nie; soms word dieselfde woord 'n paar keer herhaal om veral intensiteit van emosie uit te beeld, soos wanneer Lientjie wag dat haar pa met haar geskenk moet terugkom huis toe en die woord “wag” drie keer gebruik word. Ook as die duikertjie seergekry het,

kom woordherhaling voor: "Sy ... wens hy kon/weer in sy kampie bly. Sy wens hy kon weer/in die koelte lê en slaap. Sy wens sy kon/hom roep..." Frases waardeur begin en einde van die verhaaltjie verbind word, kom ook voor. Wanneer Lientjie op haar pa wag, en weer as sy teen die einde op die slaap en die slapers wag, word melding gemaak van die wind en ook: "Die kussing voel so sag,/die lakens lekker koel. Sy voel hoe vaak sy word." By die kennismaking met die bokkie, en weer as hy sterwend is, ervaar Lientjie sy ore as "so sag soos Ma se hare". Ook die motief van die slapers as sodanig wat in die begin op die voorgrond tree en weer aan die einde, versterk die herhalingsinslag.

Ook in hierdie werkie word van min karakters gebruik gemaak: daar is Lientjie se ouers wat baie vaag voorgestel word, en Daantjie, 'n werker se kind wat net belangrik is in soverre hy Lientjie aktiveer om te spog met haar bokkie en saam met hom te gaan blare pluk — waartydens die kamphekkie dan oop vergeet word. Lientjie self as hoofkarakter word ook net eendimensioneel voorgestel deur die verteller: van beelding-van-binne is hier nie sprake nie. Die leser weet dat sy 'n jong plaaskind is wat baie siek was maar weer gesond word, dat sy lief is vir die duikertjie en nalatig wanneer sy die hekkie oop vergeet. Geen individualiserende karaktereienskappe word genoem nie; slegs Lientjie se emosies word van nader belig: haar gretige gewag op haar pa se koms, haar vreugde in die versorging van die bokkie, haar angs as hy beseer is en die tevredenheid as sy haar met die dood versoen het. In dié soort verhaal, aangebied deur 'n verteller, is 'n getipeerde karaktertjie wel aanvaarbaar, maar die kinderleser voel 'n gemis omdat identifikasie met so 'n buitelyfiguurtjie onmoontlik is.

Nog meer as Heese se boekie, leen hierdie werk hom tot voorlees eerder as selflees. En in 'n toekomstige tydsgegrig, wanneer eenvoudige literêre studie in laerskole reeds aangevoer word, sal albei bokkie-boeke met vrug gebruik kan word.

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Wie is Bonga?

Die dualiteitsbeginsel as kernelement in Bonga van Elsa Joubert

“Maar *als is ingewikkeld; selfs die daad is nie, soos jy meen, enkel*”.
(*Germanicus*, p. 100)

“Wie is Bonga?” — die indringendste vraag wat in hierdie werk gestel word; ’n vraag wat die sentrale problematiek kernagtig saamvat; ’n vraag wat benewens die intens persoonlike aard daarvan, ook uitkring na die sirkulêre tydsvlak, ’n algemeen-menslike, universele dimensie verkry. Dit is naamlik die tergende identiteitsvraag: “wie is ek?” — tegend en blywend onbeantwoord vanweë die inherente dualiteit of tweeledigheid van die mens. Ek wil dit dan stel dat hierdie vraag die kiemsel is waaruit die hele struktuur van kontrasspel (wat m.i. eintlik meer neig na ’n paradoksaliteit) in *Bonga* gegeneer is; ’n bewering wat ondersteun word deur die grondliggende gespletenheid wat elke struktuurelement, waarvan net drie weens tydsgebrek hier benadruk sal word, vertoon. Ons moet dus die tematiese vraag “Wie is Bonga?” (p.123) direk koppel aan ’n struktuur-tegniese “Wát is Bonga?” (bedoelende die roman), die samespel van vorm en inhoud hier ondersoek, om ons kursoriese speurtog enigsins iets te laat oplewer.

I. “Vir jou is alles enkel;
en vir my veelvuldig alles,
en eindeloos vol spel en moontlikheid”

(*Germanicus*, p. 98)

In die eerste plek, kortliks: die vertellersrol of perspektief in *Bonga*. Baie opvallend is die besondere gespletenheid in die vertellerfiguur. Ten aanvang vind ons ’n tipe vertelling wat frekwentatiewe gebruik van die retoriese vraag maak, ’n verteller wat op saaklike en objektiewe wyse verskillende menings omtrent die *Bonga*-verhaal teenoor mekaar stel — op sigself ’n aanduiding van die onsekerheid en onvolledigheid wat die “historiese” vertelling kenmerk: dis inderdaad “’n verhaal wat selfs die mees toegewyde geskiedskrywers van die laat 19de eeu nie kon uitpluis nie” (p. 7). Kenmerkend van hierdie gedeeltes is die volgende struktuur: die stel van ’n “bekende feit” (soos: “By Massangano het in die tyd gewoon die afstammeling van Bonga, seun van Nhabed, die rebel:” (p.7) dan volg ’n ‘ontmaskering’ van die onvolledigheid van hierdie gegewe d.m.v. een of meer ‘redesoeekende’ retoriese vrae (soos: “Was die herinnering ... so bitter dat ...?”, “Het die vrees bestaan ...?”, “Is dit waarom ...?” — p.7); hierna word dan weer ’n alternatiewe ‘rede-vraag’ geopper (“Of het daar ...?”), gevolg deur ’n verdere verstreking van inligting (“Die stryd met Bonga was verby ...”), met ten slotte weer eens ’n retoriese en onbeantwoorde vraag (“Vanwaar die drif?” — p.7). Hierdie “vraag” — karakter van die sg. ‘proloog’-gedeeltes van veral die eerste en die laaste hoofstuk — let op die soms woordelike ooreenkoms tussen hulle: “Vanwaar die drif?” (p. 7, p. 157), “nie sy plek geken het nie ...” (pp. 7, 156), die noem van die Kerk se betrokkenheid (pp.8.

157) e.d.m. — lê die klem op die feit dat hierdie retoriese vrae eintlik nooit deur die “historikus”-verteller beantwoord word nie; die “werklike” rede vir die uitwissing bly vir hom tentatief, onseker (Dis insiggewend dat selfs Inacia Maria nie sekerheid het omtrent wie eintlik die “moeilikheid maak” nie — is dit “sy”, “sy en die kind”, of “... net die kind” (p. 162)?

Hoewel daar dus heelwat “inligting” tussen hoofstuk 1 en hoofstuk 15 “ingewin” word omtrent hierdie “historiese” gegewe, is dit tog so dat geen enkele “motief” deur hierdie “historikus”-verteller vooropgestel word nie. “Histories” gesproke is daar dus geen oplossing vir die reeks tergende vrae nie.

Dit is een faset van wat ek wil noem die proses van relativering t.o.v. die verteller. Hier is naamlik sprake van ’n ironiese dubbelslagtigheid in die vertellersrol: soos reeds vermeld, is die verteltoon by tye feitelik, nugter (“joernalisties”), bespiegel die verteller omtrent die pro et contra van verskillende onvolledig historiese verklarings. Op p. 9, egter, begin daar ’n ander vertellersfiguur optree, nl. ’n alwetende verteller: hy is oral teenwoordig, hy ken die verlede, die omstandighede die gedagtes van al die karakters volledig — reeds hier verwerp hy die sug na rykdom as hoofdryveer by d’Areujo: “Maar in alle regverdigheid, dit was nie by hom hoofsaak nie”. (Dis interessant dat die “vyandige” ruimte, die “warm land met die eindelose, trae dae” as mede-oorsaak van sy hartstog aangedui word — ’n aktiewe medespeler in die verhaaldebeure, dus). Die alwetende verteller relatiewe dus hier die “histories”-aanvaarde motivering by d’Areujo as slegs ’n (newe-) rede: sodoende word dit wat aanvanklik na bloot ’n hipotetiese rekonstruksie van ’n historiese gegewe lyk, nou die basisstruktuur van die gebeure; die illusie van ’n “histories”-gefundeerde gebeurtenis word gebreek ten gunste van die “volledige”, fiktiewe versie. Hier is dus ’n fyn spel feit-fiksie, illusie of droomwerklikheid: ’n ironiese spel, omdat die tradisionele waarheidskarakter van die geskiedskrywing hier gerelativeer word, en die fiktiewe as betroubaarder, vollediger gesien word. D.m.v. hierdie alwetende vertelling (o.a.) tree die fiktiewe aard van die verhaalwêreld dus geleidelik al hoe meer op die voorgrond, word die “historiese” bespiegelinge al hoe minder: teenoor die aanvanklike 2½ bladsye (pp.7—9) en 1 bladsy (p. 16) wat hieraan gewy word, kom daar op p.38 slegs 2 kort paragrawe “historiese” vertelling, geskei van die alwetende vertelling voor; op p. 56 begin die alwetende vertelling reeds subtiel die “historiese” binnedring — let op die vermenging van retoriese vrae en “alwetende” inligting (soos die vermelding van Dos Santos se plan, en die woorde: “Want sy wou”, wat op ’n kennis van die karakters se innerlike dui). In die laaste hoofstuk is die enigste bepaalde antwoord wat vir die uitwissing gegee kan word, dié van die alwetende verteller: “Dit is swaar om iemand te vergewe die kwaad wat jy hom aangedoen het”, wat ’n aanduiding is van die vermenging- en selfs verdringingsproses (“feit” deur “fiksie”) wat toenemend in die werk plaasgevind het: in aansluiting by die konflik tussen twee wêrelde, weer eens, in die roman (konkreet en abstrak-maatskaplik/polities, religieus...) — ’n proses wat herlei kan word tot die basiese “verdeeldheid” in die vertellersfiguur (’n “tweeheid” wat so duidelik in die werk gemanifesteer word, dat dit moeilik is om te besluit of hier een verteller optree, met ’n tweeledige “masker” op, of twee opponerende vertellers — ek sou egter kies vir die gesplete vertellerspersoonlikheid, d.w.s. ’n alwetende verteller wat ’n “historiese” masker dra, omdat dit die sentrale tema, die

inherente dualiteit van die mens, beter ondersteun: 'n tweeledigheid wat eintlik oorhel na 'n paradoksaliteit. Een rede wat hierdie voorkeur noodsaak, is die voorkoms van die tipiese "historiese" retoriese vraag soms in die loop van die alwetende vertelling — op p. 86 kry ons 'n voorbeeld hiervan wat die indruk skep dat hy by tye die spesifieke "rol" wat hy speel, vergeet; die sg. "vermengingsproses" kan dan verklaar word as 'n subtiel relativeringsproses — en wel 'n relativering van sy "historiese" masker deur die verteller. Hierdie lesing verklaar ook die kritiese ondertoon in die verwysing na die "geskiedkundiges" in hoofstuk 15, waarop ek straks terugkom in my bespreking van die tydsaspek.

II. *"Maar van wanneer af was tyd op die Zambezi 'n faktor?"* (p. 15)

'n Tweede belangrike strukturelement, wat ook bg. tweeledigheid as wesenskenmerk het, is die tydsdimensie. Net so opvallend as die gespletenheid t.o.v. die vertellersrol, is hier die twee tipes tydsaanwending wat aangeref word: die oorwegende verledetydsvertelling (die tempus waarin nie slegs die "historiese" vertelling geskied nie, maar ook groot gedeeltes van die alwetende vertelling), en dan die teenwoordigetydsvertelling (die tempus wat veral gebruik word om die "droom" — of "irreële" situasie te beskryf). Eerstens sluit die tydsaspek in hierdie verband natuurlik nou aan by die vertellersrol: die "historikus"-verteller beskou, uit die aard van die saak, die verhaal as afgehandel, verby, iets wat in die verlede (November 1890) gebeur het; die enigste presens-aanwending in hierdie gedeeltes vind ons in die sitering van ander menings deur die verteller: "Sommige kenners meen ...", "Daar is dié wat sê..." (p. 7), "Daar is diegene wat meen ..." (p. 16) e.d.m. Interessant is die opvallende verbreking van hierdie patroon in die laaste hoofstuk: "Dit was om die vrou, het geskiedkundiges, dekades later, in studeerkamers waar boeke op rakke teen mure die gebeure van die tyd wou weergee, gesê" (p. 156) — hier word as't ware die ontoereikendheid en dus onvolledigheid van die historiese gegewe en metode geïmpliseer (vgl. hier die voelbaar kritiese ondertoon in "waar boeke op rakke teen mure die gebeure van die tyd wou weergee), wat by retrospeksie 'n relativering van ook alle vorige "historiese" veronderstellings meebring: dit is te ver verwyderd van die betrokke gebeurtenis in tyd om enigsins "betroubaar" aan te doen.

Wat die alwetende vertelling betref, is dit opvallend dat hier 'n gedurige wisseling verledede, teenwoordige tyd is; as tipiese voorbeeld siteer ek die volgende op p. 19: "Nhaóed het gewag. Gewag totdat hulle die takrivier bereik het, net noord van sy aringa, Massangano ... 'Laat hulle dans in my vuis', het Nhaóed, klein, onrustig ... aan ... Cassengere gesê. 'n Paar keer maak hy sy lang skraal, lang vingers om die donkerde oop en toe.'" Benewens die ineenvloei van die twee tempora paragraaf-gewys, vind ons ook baie dikwels die jukstaposisie van die verledede en teenwoordige tyd in groter eenhede, nl. situasies of episodes: op pp. 126—128 (as tipiese voorbeeld) word die geboorte van Bonga en Inacia Maria se seun in die verledede tyd beskryf, terwyl daar met Bonga se binnekoms ná die geboorte oorgeslaan word na die presens. Hierdie tipe tydsgebruik het m.i. die volgende implikasies: die indruk word geskep van 'n geheelinsig, 'n volledige voorkennis by die alwetende verteller — let op hoe hy die verhaal vooruitloop op p. 15: "Toe het hy (d'Areujo) nog nie aan die prazo as grond gedink nie. Eers later, toe sy vir hom verlore was, het die omvang van wat hy verloor het, tot hom deur-

gedring". Meer nog — die blote tegniek van die naasmekaarstelling van verlede tyd en teenwoordige tyd (met die verlede tyd die primêre vertel-tempus deurgaans, en die teenwoordige tyd aanvanklik slegs afwisselend gebruik, maar in die laaste paar hoofstukke meer op die voorgrond), aksentueer 'n baie belangrike inhoudelike gegewe — die geleidelike beweging van Bonga en Inacia Maria weg van hul tot nog toe aanvaarde "verlede" na 'n nuwe "hede": 'n beweging van twee teenoorgestelde punte op 'n reguit lyn na mekaar toe, 'n kort vereniging, dan weer skeiding, gevolg deur 'n voortbeweging na die teenoorgestelde kant van die reguit lyn; dit bly dus basies 'n tweeledige of kontrasterende beweging, wat deur die gesplete tydsaanwending dan gesuggerer word. Let op Inacia Maria se "oortvloei" in haar nuwe omgewing — p. 106: "Sy dink nie aan haar vorige bestaan of haar vreemdheid hier nie ... Sy vloei daarin oor" en die volgende op p. 158: "Sy probeer breek deur die omkringing van die hede, probeer haar gedagtes koers gee terug in die verlede, maar soos voëls wie se pote vassteek in modder, kan hulle nie opstyg nie." Ook interessant is die volgende op p. 124 — na Bonga se religieuse ervaring: "Dit is vir Bonga moeilik om aan die huis waarvandaan hy gekom het, terug te dink." Hier vind dus 'n *bykans* volkome oopgaan in die nuwe "hede" plaas by albei hierdie karakters.

Die skynbaar terloopse stelling op p. 15: "Maar van wanneer af was tyd op die Zambezi 'n faktor?" is dus 'n ironiese gewysner na ook die groot tematiese belang van tyd in die roman — so word daar op dieselfde bladsy verwys na d'Areujo wat "sy tyd verspeel" het: die direkte oorsaak van sy latere degenerasie; meer nog — dit is die trae verloop van tyd, in aansluiting by die sg. "vyandige" ruimte (die hitte) wat sy hartstog in die eerste plek aanvuur (p. 9). In die lig hiervan moet die vraag of tyd wel in hierdie "warm, tydlose" wêreld 'n faktor kon wees, as besonder ironies gesien word — van groot belang is dit dat in hierdie roman die tyd enersyds distansiering en vergetelheid skep (die "oortvloei" van Bonga en Inacia Maria in hul nuwe hede), maar andersyds die teenoorgestelde uitwerking het: reeds op p. 7 word dit duidelik dat die verloop van tyd nie die uitwissing van Massangano, soos algemeen verwag sou word, in die vergetelheid laat verval het nie; op p. 46 vind ons die belangrike prefigurerende woorde van die ou vrou Eugenia, in antwoord op Nhaôed se: "Wat verby is, is verby. Dit kom weer reg" — sy antwoord: "Maar jy is verkeerd. Dit is nie verby nie en dit kom nie weer reg nie." Treffend is dan die beskrywing van Bonga se dood op p. 149, in hierdie verband: "Weer het sy gegil en die kop gegryp en gevat aan die koeëlgat in die voorhoof waar die bloed aan die uitsypel was, donkerrooi taai swaar bloed, swaar van die verlede wat uit sy lyf opgewel het." Hieruit blyk dat Bonga, t.o.v. sy begeerte om volledig in 'n nuwe "hede" op te gaan (sien p. 117: "Nee, die saad van Bonga") hom nie heeltemal kan losmaak van sy verlede nie, soos trouens ook Inacia Maria: hoewel "die tyd van haar jeug ... in 'n onduidelike *duister* gister weggesak" (p. 93) het, kom die verlede tog onverwags helder op die nag van die uitwissing: "Onverwags het haar gedagtes tog die verlede raakgevat" (p. 158). Dus: die deurlopende gebruik van die verlede tyd, afgewissel met die teenwoordige tyd, is funksioneel en tematies verklaarbaar — dit is 'n tegniese aksentuering van die bepalende en alomteenwoordige invloed van die verlede op die hede; 'n status quo wat die twee hoofkarakters, veral, futiel probeer ophief. Ons word dus bewus van die bepalende rol van die tyd, en (interessant): weer eens 'n duale funksie en

implikasie, 'n gesplete optrede! Dit lyk werklik of die term “tweeheid” van Elize Botha in *Bonga* by uitnemendheid van toepassing is, ook t.o.v. die tydsaanwending — tematies en tegnies.

III. “.. omdat hy nie sy plek geken het nie?” (*Bonga*, p. 156)

In die derde en laaste plek nou, die ruimtelike aspek; en hier wil ek in die besonder die spanning lig — donker bespreek, wat verband hou met die religieuse problematiek en aldus herleibaar is na die grondliggende konfliksgedagte in hierdie roman. Dis opmerklik, weer eens, dat hier nie bloot sprake is van 'n kontraswerking nie, maar ook 'n inherente paradoksaliteit: dit word in die Bonga-figuur self, as halfbloed, beliggzaam (donker hande met ligte palms). So vind ons dat die kleur wit, wat ten nouste verbonde is aan lig, asook die Lig (met 'n religieuse strekking) ook 'n paradoksale assosiasie van boosheid, geweld, korrupsie aangaan: let maar op die “wit muur”-motief, wat sy kulminasiepunt bereik wanneer Bonga in die kerk, sy geweer buite teen die wit kerkmuur leunend, doodgeskiet word; en juis wanneer hy, in religieuse terme, ‘tot die Lig gekom het’. In die lig hiervan is die verwysings na die “naakte sagte blanke arm” van Inacia Maria (pp. 11, 13, 15), wat d'Areujo veral so bekoor, asook die feit dat die Christus-beeld in die kerk, wat Bonga “oorstroom”, as “byna onaards wit” (p. 32) beskryf word, besonder betekenisvol: Bonga se verbintenis met Inacia Maria, en die toenemende wegbeweeg van sy eie barbaarse ‘donkerheid’ na die ‘lig’ van die blanke beskawing en godsdiens, word by retrospeksie 'n ironiese manifestasie van sy ondergang. Hierdie “tweespalt” in betekenis is ook opmerklik wat die kleur swart betref (tradisioneel en ook in Bonga geassosieer met boosheid — of “black magic”): swart word nl. ook met skaduwee, wat bepaald gunstige konnotasies in hierdie roman opwek (verligting, genade) in verband gebring. In die genadelose hete “beenwit” dae bring skaduwee, die “genadige groen halfdonker” (p. 10) intense verligting. Aan beide die lig- en donkermotiewe kan dus 'n tweeledige betekenis geheg word.

Die belang van die deurlopende spanning lig — donker kom baie duidelik na vore in die ontmoetingstoneel tussen Bonga en Inacia Maria in die kerk (pp. 30—34): dit blyk dat hierdie kontras heenwys na die twee kontrasterende wêrelde wat elkeen op hierdie tydstip verteenwoordig, 'n kontras- of konfliktsituasie wat reeds op p. 11 in die vooruitsig gestel word: “Teen die blink, donker systof, in die halfdonker kamer, hang haar arm wit en roerloos, willoos teen haar lyf ...”. (Interessant is reeds hier die suggestie van oorgawe deur die wit arm — Inacia Maria — aan die *donker* agtergrond; op p. 53, weer tydens 'n ontmoeting tussen die twee verliefdes, vind ons dat Inacia Maria “willoos” teen Bonga aanleun, 'n sterk aanduiding van haar “oortvloei” in die nuwe wêreld wat sy d.m.v. haar huwelik met hom, die halfbloed, betree). Trouens, ook in die toneel op pp. 50, 51—55 en 128, waarin Bonga en Inacia Maria nou met mekaar verbonde is, is dit telkens sy wat in die lig staan, met Bonga in die skadu: op p. 31 verkeer sy in die kerk voor die Christus-beeld, waar “'n klein rooi lig in die donker gloei”, en Bonga kom vanuit die donkerte na binne; Bonga staan op p. 50 “half in die *skadu* van die skerm” terwyl sy “in die vol *son* voor die agterdeur” staan (let op die slim woordgebruik: “half” i.v.m. die ‘halfbloed’, “vol” i.v.m. die ‘volbloed’ — “Haar bloed was suiwer uit die patria”, p.9). Hierdie differensiasie begin eger algaande afplat; op p. 53 staan albei by tye in die son, en dan weer in

die skaduwee — hier vind ons die samesmelt van die twee verskillende punte, die kortstondige ophef van konflik. Op p. 128, met die geboorte van hul seun, is dit opvallend dat Inacia Maria “haar kop weg van die lig, na die muur” draai, nadat Bonga met sy binnekoms die luike oopgeskuif het — die proses word dus omgekeer, elkeen beweeg nou weer in teenoorgestelde rigtings: hy na die lig, sy na die duisternis. Aan die hand van hierdie enkele spanning lig — donker kan ons dus die prinsipe van konflik (uiterlik, maar ook innerlik) wat ook sentraal in die ruimtelike dimensie staan, herken en beskryf: aan die een kant die wêreld van die “wittes”, aan die ander dié van die halfbloede (en swartes). Hierdie twee wêrelde sal konkreet uitkristalliseer tydens die huweliksplegtigheid: Dos Santos (’n *wit* pak), sy vrou (lê onder ’n *wit* deken) en deels Inacia Maria (*ivoorwit* tabberd — ’n suggestie reeds hier van haar uitreiking na iets anders as die suiwere, “blanke” lewenswyse?) almal in wit, met gespanne *wit* kneukels, ’n *wit* gebedeboek — teenoor Bonga, die “donker seun” en sy donker vader, Nhaóed, oor wie sy *donker* moeder se skaduwee lê. Die “voorbode van onheil” wat Nhaóed by hierdie geleentheid het, hang nou saam met hierdie kontras-situasie, en werk prefigurerend in hierdie roman: die huwelik is die eerste stap wat Bonga “uit sy plek” neem, op pad na die “Lig” en ook (paradoksaal) sy dood — ’n feit wat bepaald daartoe bydra dat Bonga uitgroeï tot ’n martelaarsfiguur in die werk.

“Wie is Bonga?” Watter Bonga is die ware self: Bonga-in-die-kerk of Bonga-in-die-bos? Of is die ware mens Bonga ’n paradoksale vermenging van albei? Dit is die antwoord wat die roman *Bonga*, struktuur-tegnies en tematies, aan ons verskaf — van toepassing nie slegs op die hoofkarakter nie, maar weens die ontginning van die konfliksgedagte in veral die ruimtelike dimensie, ook op die ganse “bevolking” van hierdie “wêreld in woorde”.

Universiteit van Port Elizabeth

BIBLIOGRAFIE

1. Botha, Elize. *Prosakroniek in Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1972. pp. 170—184.
2. Roos, dr. H.M. *Wêreld in Woorde*. (U.P.E.-publikasies)

Boeretroos 1978

Teen dagbreek eens met wintersee,
vroeg staan jy op en roep my mee
na 'n Kaapse venster teen 'n Kaapse hang,
waar 'n Kaapse tuin sy plek verlang;
staan jy daar só met koffiewekker;
staan net maar só daar vir die lekker.
"Kom kyk!" sê jy ekstaties sag.
Ek beur my uit die warme vag:
voor Kaapse venster in Kaapse huis,
met wintersee wat stemmig ruis.
Die moremaan hang geel en vol,
bo Hangklip in die ruim gestol;
in morelig wat onreëel
oor berg en duin en branding speel.
Plots hoor ek ver 'n koppie klink,
maar spreek geen woord; voel net hoe sink
deur dieptes in my nou die vrees
dat wêrelde so vreemd kan wees.
My blik verskuif hier na my hand,
waar rustig nou die koffiepand
die troos verskaf dat minstens dít
my redding bly in hierdie skrik.

Wysiging van die Wet op Publikasies

Op Vrydag 7 April 1978 het prof. Charles Fensham, Voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring, en dr. Elize Botha, redakteur van die Tydskrif vir Letterkunde, met die Minister van Binnelandse Sake, mnr. Alwyn Schlebusch, samesprekinge gevoer i.v.m. aspekte van publikasiebeheer. Die Redaksie plaas hier 'n kort samevatting van die sake wat bespreek is, en laat daarop 'n verbatim verslag volg van die verrigtinge in die Volksraad op 18 Mei 1978.

Met die huidige wetgewing is daar nie veel fout te vind nie. Dit is duidelik dat die Wet veral geellektuur en dit wat gevaarlik vir die staat is, wil keer. Dit is terselfdertyd ook 'n beskerming vir goeie literatuur, want deur slegte lektuur uit te weer word die koopkrag meer vir goeie literatuur.

Daar is egter 'n paar probleme met die toepassing van die Wet op Publikasies. As goeie literatuur onder die loep kom, dan moet daar weer na die funksionering van die Wet gekyk word. Daar bestaan vandag sekere organisasies wat met 'n vergrootglas na die Afrikaanse letterkunde kyk of daarin nie iets aanstootliks voorkom nie. As daar iets in voorkom waarvan hulle nie hou nie, word die saak by die Publikasieraad aanhangig gemaak. As hulle nie dáár hulle sin kry nie, word geappelleer — en selfs na die minister gegaan. Die groot vraag is: Wat is die letterkundige bevoegdheid van die mense? Gewoonlik is dit nul. Maar dan bestaan daar deskundige lesers en komitees van die Publikasieraad om goed op die saak in te gaan. As daar teen die bevinding van die deskundiges geappelleer word, kom dit voor die appèlraad. As na die minister geappelleer word, word 'n breë appèlraad saamgestel. Wat hier belangrik is, is die persone wat oordeel vel oor die werk van die laagste tot die hoogste vlak. As op een van hierdie vlakke 'n meerderheid van persone nie letterkundige insig het nie, kan dit gebeur dat goeie letterkundige werke onder sensuur kom. En hier lê die knoop. Dit is ook so dat met 'n vergrootglas na Afrikaanse skrywers se werke gekyk word, terwyl Engelse boeke en ander geïgnoreer word. Dit kan dan gebeur dat met 'n appèl hoër op, waar letterkundiges in die minderheid is, strenger opgetree word teen Afrikaanse werke as teen Engelse boeke. Om 'n praktiese voorbeeld te noem: Daar is op openbare biblioteke se rakke Engelse boeke wat veel erger dinge in het as Leroux se *Magiersfontein* en dan is dit ook nog letterkundig van 'n veel laer gehalte. In 'n sekere sin kom dit neer op diskriminasie teen Afrikaanse werke.

By die beoordeling of 'n boek van letterkundige meriete wel toegelaat moet word of nie, behoort die *waarskynlike lesers* van so 'n boek in ag geneem te word. "Die gewone man", wie hy ook al mag wees, gaan tog nie so iets lees nie. By die beoordeling moet van die laer tot die hoër vlak 'n gesonde diskresie gebruik word of die sg. aanstootlike dinge letterkundig funksioneel is en of dit moedswillig ingevoeg is in die verhaal.

Een oplossing sou wees dat 'n appellant as dit die skrywer of uitgewer is, op letterkundige gronde appelleer. Dan moet daar 'n komitee van letterkundiges bestaan om hieroor 'n waardeoordeel te vel. Selfs al sou die appèl

loop tot op die hoogste vlak, behoort letterkundiges in die meerderheid te wees by die beoordeling.

Daar bestaan ook gevaar dat daar nie net verwydering kom tussen skrywer en Regering nie, maar ook tussen wetgewers en die groot korps van onderskeidende lesers in die land. Daar moet rekening gehou word met 'n sterk en verantwoordelike leserskring vir die ernstiger Afrikaanse literatuur. Hulle vorm 'n baie sterker element in die bepaling van die sg. gemiddelde leser as wat uit die uitsprake van die Appèlraad kort gelede geblyk het. Vir meer as 'n dekade lank gaan studente deur ons universiteite wat die kontemporêre Afrikaanse letterkunde as voorgeskrewe werk leer ken het — wat dit leer verstaan en evalueer het. Na die stemme van hierdie waarskynlike lesers kan daar geluister word.

DONDERDAG, 18 MEI 1978

BEGROTINGSWETSONTWERP
(Komiteestadium hervat)

Begrotingspos No. 33 — “Binnelandse Sake”, en Begrotingspos No. 34 — “Staatsdrukkery”.

Die MINISTER: Ek is voornemens om eers aandag te skenk aan die omstrede onderwerp, van die beheer oor publikasies en om kortliks te reager op alles wat tot dusver oor die aangeleentheid gesê is. Daarna is ek van plan om 'n aankondiging te doen in verband met 'n beoogde wetswysiging. Ek gaan die aankondiging oor die beoogde wetswysiging doen, dog ek wil die vertroude uitspraak dat ons nie, nadat ek die aankondiging gedoen het, 'n tweedelesingsdebat daaroor sal hou nie, aangesien daar ruim tyd vir verdere en vollediger debat sal wees wanneer die maatreël mettertyd voor die Raad dien.

In die eerste instansie het die agb. lid vir Sandton gister gesê: “We must restore the rights of the courts to hear appeals under the Publications Act”. Alhoewel ek 'n toegewing met betrekking tot die houe doen in die aankondiging wat ek gaan doen, wil ek dadelik onomwonde sê dat daar by die Regering hoegenaamd geen voorneme is om gehoor te gee aan die vertoë van die agb. lid vir Sandton nie, en wel om redes wat ek na aanleiding van hofuitsprake nou volledig gaan motiveer. Die posisie is naamlik dat die herroepe Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, in die geval van publikasies en vermaaklikhede voorsiening gemaak het vir appèl na die Hooggeregshof teen beslissings van die destydse Raad van Beheer oor Publikasies. Natuurlik was daar appèlle na die houe ingevolge daardie bepalings, en ek wil nou aan agb. lede 'n paar tersaaklike beslissinge van die houe oor hierdie aspek verskaf.

In die saak *Publications Control Board vs. William Heinemann, Ltd., and Others* (S.A. Hofverslae, 1965(4) bl. 137) verklaar appèlregter Rumpff — op bl. 156G — soos volg —

It seems clear that this appeal to the Supreme Court is not an appeal in the legal sense or a review on the ground of illegality or irregularity. The Supreme Court is enjoined to function purely as an administrative body whose opinion may be substituted for that of the Publications Control Board. The duty to perform purely administrative functions is,

fortunately, seldom, if ever, entrusted to the Supreme Court. The performance of such administrative work is the privilege of the Executive Government, and is intrinsically alien to the character of the Supreme Court.

In dieselfde saak — bl. 161G tot bl 162G — sê appèlregter Williamson die volgende —

Indirectly this court, and other divisions of the Supreme Court, have obviously on many occasions have had to decide upon the validity of an administrative or executive order by an administrative official or by a non-judicial body.... But no previous example occurs to me of the Supreme Court being called upon itself to make what, in effect, is an administrative or executive order..... The use of the term "appeal" is really only justifiable on the basis that no other suitable term for the proceedings spring to mind. It is, however, clearly not an "appeal" in the ordinary sense of that term.

In 'n latere saak, *S.A. Magazine Company (Pty.) Ltd. vs. Publications Control Board*, (S.A. Hofverslae, 1966(2), bl. 148G — spreek regter Snyman ook sy bedenkinge oor hierdie soort van appèl uit. Op bladsy 150G tot bladsy 151A sê hy die volgende —

But this is not the only difficulty. The Act may have the further effect of drawing the judiciary into controversy. For art and literature (or attempts at them) can be highly controversial matters which at times give rise to strong feeling and explosive expression. The judiciary should steer clear of such situations. However, it is my unhappy task to give my opinion on the publications placed before me in these appeals.

In die saak *Lindberg vs. Publications Control Board* (S.A. Hofverslae, 1968(4), bl. 311G) wys regter Ludorf daar op dat hy inderdaad nie as regter sit nie, maar as administratiewe beampte. Laat ons egter nader tuis kom, en laat ons hoor wat die agb. lid vir Sandton se kollega die agb. lid vir Johannesburg-Noord, oor hierdie saak te sê gehad het op 13 Augustus 1973 in sy getuienis voor die Kommissie van Ondersoek insake die Wysigingswetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede.

Mnr. J.D. du P. BASSON: Dit was 'n minderheidsmening.

Die MINISTER VAN VERDEDIGING: Ja, maar dit is nogtans wat hy gesê het. (Tussenwerpsels).

Die MINISTER: Die feit dat dit minderheidsgetuienis is, maak dit nog meer ironies. Die agb. lid vir Johannesburg-Noord het hom soos volg hieroor uitgelaat —

Die twee gedagtes wat ek graag in u midde wil lê, is

(1) dat ons 'n hof het van drie of vyf lede, bestaande uit 'n regsgeleerde van een of ander aard; 'n senior advokaat of landdros, iemand wat gewoon is om objektief te oordeel, gewoon is om sekere beginsels toe te pas; dat hy as voorsitter optree; 'n persoon wat baie steun sou hê as hy 'n

uitspraak gee; iemand wat, ons weet, 'n ewewigtige oordeel het. Ek weet dit is nie maklik om so iemand te vind nie. Ek sê “permanent” omdat hierdie voorsitter en hierdie een lid vaste lede behoort te wees vir 'n bepaalde tydperk, sy dit vyf jaar of ses jaar of wat ook al is, sodat hulle gou kan optree en by hulle as 'n derde lid kan kry iemand wat deskundige kennis het van die bepaalde onderwerp waaroor dit gaan; met ander woorde, 'n literêre kritikus wanneer dit oor literêre aangeleenthede gaan, 'n kunskenner wanneer dit gaan oor die beeldende kunste, ens. Dit stel ek voor in gevalle waar daar vinnig opgetree moet word. Met ander woorde, ek wil hê die Publikasieraad moet binne ure oor dringende sake sy mening kan gee. Binne 'n dag of twee moet die appèlliggaam ook sê

Ek doen hierdie aanhaling met die oog op die vraag of hierdie sake na 'n hof toe moet gaan al dan nie. Maar, Meneer, ek wil 'n verdere aanhaling van die agb. lid vir Johannesburg-Noord voorlees. Dit is iets wat hy op Stellenbosch kwytgeraak het tydens 'n N.P. van Wyk Louw-gedenklesing gedurende Maart 1976. Ek haal aan —

Die eerste aspek wat ek hier moet aanroer, is die reg van appèl na die hof, wat onder die 1974-Wet afgeskaf is tot ontsteltenis van vele, maar na my mening volkome tereg.

Meneer, ek wil dadelik sê dat ek waardering het vir wat die agb. lid vir Johannesburg-Noord in sy lewe op kulturele gebied verrig het. Soos die aanhalings wat ek voorgelees het bewys, het die agb. lid helder gedink oor hierdie aangeleenthede terwyl hy nog 'n regter was, maar die politiek het sy oordeel benewel. Vandaar die eienaardige voorstel dat hy nou die Wet wil opskort en 'n paneel van letterkundiges tydelik wil aanstel totdat 'n nuwe Wet opgestel kan word. Ten opsigte van die agb. lid se aanmerkings oor die “waarskynlike leser”, wil ek net sê dat ek die saak *sub judice* beskou. Ek is nie bereid om in hierdie stadium enige kommentaar daaroor te lewer nie.

Die agb. lid vir Sandton het gesê —

Coloureds have no say in decisions under the Publications Act.

Mnr. D.J. DALLING: I was quoting; those were not my words.

DIE MINISTER: Ja, maar die agb. lid het daarmee geïmpliseer dat dit die posisie is. Die punt is dat verskeie lede van die Publikasiekomitee, Nie-blankes is. Daar is agt Kleurlinge en elf Indiërs. Daarbenewens het ons Kleurling- en Indiëradvieskomitees.

Mnr. D.J. DALLING: Out of how many people?

DIE MINISTER: Ek het gesê daar is 11 Indiërs en agt Kleurlinge wat in die komitees dien. Daarbenewens is daar statutêre advieskomitees.

Mnr. B.R. BAMFORD: Eleven Indians and eight Coloureds out of how many?

DIE MINISTER: Uit 257.

Mnr. D.J. DALLING: You have made my point for me!

DIE MINISTER: Die agb. lid vir Sandton het verder gesê, “The committees do not represent the community”.

Mnr. D.J. DALLING: Not fully.

DIE MINISTER: In die lys van 257 komiteelede is daar 78 Engels-

sprekendes, wat ons 'n persentasie van 30,4% gee. Dan is daar 179 Afrikaanssprekendes, wat ons 'n persentasie van 69,6% gee. Daardie stelling van die agb. lid is dus ook sommer 'n stelling in die wind.

Derdens het die agb. lid verwys na artikel 47 van die Wet, wat die norme neerlê, en gesê, "It is a wide definition of what is offensive". Laat my toe om dadelik te sê dat ek 100% agter die vereistes van daardie artikel staan. Dit is goeie en billike vereistes.

Maar soos die ag. lid as regsgeleerde egter self weet, blyk dit uit talle uitsprake van die appèlraad dat hulle daardie vereistes van artikel 47 toepas, maar dat hulle volgens hul eie diskresie en op 'n uiters billike wyse toleransie openbaar vir werke wat kuns- of literêre meriete het. In die lig daarvan stem ek dus ook glad nie saam met hierdie stelling van die agb. lid vir Sandton nie.

Die agb. lid vir Durban-Sentraal het hom ook gewaag op die terrein van publikasiebeheer. Dit is baie duidelik dat hy van hierdie saak nie veel weet nie. Hy het gesê dat sensuur vir politieke doeleindes aangewend word.

Mnr. P.A. PYPER: Het ek dit gesê of het ek iemand aangehaal?

Die MINISTER: Nee, die agb. lid self het dit gesê.

Mnr. P.A. PYPER: Nee, ek het iemand aangehaal.

Die MINISTER: Die agb. lid het dit met akklamasie aangehaal. (Tussenwerpsels). Kragtens die Wet op Publikasies is hierdie beheerliggame — die appèlraad, die direktoraat en die publikasiekomitees — outonome statutêre liggame ten opsigte van wie se werk niemand — ook nie die Minister van Binnelandse Sake nie — tussenbeide mag tree nie. As die agb. lid vir Durban-Sentraal egter bedoel het dat beheer oor Staatsgevaarlike publikasies sogenaamde politieke sensuur is, laat ek hom aan die woede oor van sy eie patriotiese Natalse kiesers. (Tussenwerpsels).

Daar is telkemale 'n punt daarvan gemaak dat daar volkome toleransie moet wees vir werke van letterkundige waarde of dat letterkundiges alleen daarvoor moet besluit. Hier wil ek ook weer 'n baie beter outoriteit as ek self aanhaal om te bewys dat dit nie gewens is om dit te doen nie. Ek wil die destydse Hoofregter, regter L.C. Steyn, in die verband aanhaal. In 1965 het hy in die Heinemann-saak die volgende gesê —

Literary value is, after all, not the synthesis or sum total of all human values. It has to be weighed against others and cannot outweigh the moral values which the Act seeks to protect.

Aangesien ek nou na my mening al die opmerkings behandel het van agb. lede wat kritiek teen die Wetsontwerp uitgespreek het, wil ek nou 'n aankondiging maak oor 'n Wysigingswetsontwerp op publikasies.

Mnr. die Voorsitter, die Regering is bewus van die *impasse* wat ten opsigte van publikasiebeheer in Suid-Afrika ontstaan het.

Die Regering is ook bewus van die kommer wat by literatore en skrywers bestaan oor die bepalinge van die Wet en die funksionering daarvan vir die ontwikkeling van veral die Afrikaanse letterkunde.

Ek het in hierdie saak die oop deur-beleid van my voorganger voortgesit en in diepte samesprekings met verskeie vooraanstaande literatore en skrywers gevoer. Ek het ook met ander deskundiges soos teoloë en verteenwoordigers van belanghebbende liggame oor die hele land samesprekings gevoer.

Mnr. die Voorsitter ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om al

die persone met wie ek die saak bespreek het te bedank vir die verantwoordelike wyse en die goeie gees waarin hulle hul saak gestel het.

Ek het ook heelwat verhoë van geïnteresseerde persone en liggame ontvang waarin een of ander aspek beklemtoon en/of wetswysiging bepleit is.

Feitlik almal met wie ek gesels het of wat aan my geskryf het is dit eens dat pornografiese en staatsgevaarlike publikasies uit Suid-Afrika geweier moet word en dat daar wetlike beheer moet wees.

Verantwoordelike skrywers en literatore vra nie vir die afskaffing van publikasiebeheer nie. Hulle vra dat by die toepassing van die Wet op Publikasies, 1974, groter erkenning aan die literêre meriete van publikasies gegee moet word en dat aan literatore en skrywers 'n groter inspraak in die besluitnemingsproses oor publikasies met 'n literêre verdienste verleen moet word.

My voorganger het dit by meer as een geleentheid binne en buite die Raad duidelik gestel dat as daar haakplekke by die toepassing van die Wet op Publikasies, 1974, ontstaan, hy nie sal huiwer om die Wet paslik te wysig om die haakplekke uit die weg te ruim nie. Ek onderskryf hierdie standpunt heelhartig.

Dit is in die openbare belang dat die huidige impasse, voordat dit verder ontwikkel, so spoedig moontlik ontloot moet word. Dit word daarom beoog om nog gedurende hierdie sitting wysigende wetgewing by die Raad in te dien om die huidige problemsituasie die hoof te bied sonder om aan die basiese doelstelling van die Wet, naamlik dat ongewenshede uit ons kommunikasie-media geweier moet word, afbreuk te doen.

Hierdie wetgewing sal onder andere van die strekking wees dat die Appèlraad oor Publikasies ten opsigte van die verspreiding van publikasies wat hy nie ongewens bevind nie, sekere voorwaardes sal kan opleë, bv. dat dit nie aan persone in 'n bepaalde ouderdomsgroep beskikbaar gestel of nie in die openbaar uitgestal of ten toon gestel mag word nie.

Met die oog daarop om literatore en skrywers en ander deskundiges in die skone en uitvoerende kunste groter inspraak in die besluitneming oor publikasies met 'n literêre waarde of oor kunswerke te gee, sal voorsiening gemaak word vir die aanwysing deur die Minister van Binnelandse Sake van 'n paneel van deskundiges op die gebied van die kunste, taal of lettere waaruit die Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies uit eie beweging 'n komitee kan aanstel of waaruit hy op versoek van 'n appèllant of 'n verhoëmaker, 'n komitee moet aanstel om die Appèlraad oor 'n besondere publikasie of kunswerk te adviseer.

Literatore, skrywers en kunskeners sal derhalwe op 'n gesaghebbende en gekoördineerde grondslag inspraak in die besluitnemingsproses voor die Appèlraad hê.

Die Appèlraad sal gemagtig word om uit eie beweging of op aansoek van 'n appèllant of verhoëmaker voor die Appèlraad 'n regspraak wat by die ondersoek van die betrokke saak ontstaan, aan die Hooggeregshof vir 'n beslissing te stel.

Dit word vertrou dat deur hierdie beoogde bepalinge vir opname in die Wet op Publikasies, 1974, die huidige impasse ten opsigte van publikasiebeheer in Suid-Afrika gebreek sal word en dat die Wet op Publikasies, 1974, met behulp van die beoogde komitees van deskundiges en van die nuwe bepalinge beter sal kan funksioneer.

Nuwe Afrikaanse boeke (Januarie — Maart 1978)
(Opgestel deur C.J.S.C. Burger, Hoofvakkundige Beampte, NALN)

Prosa

- BURGER, Sophia. Reënboog oor Rykheersrus. Pretoria: Van der Walt, 1978. (Die Eike-Boekklub)
- BIERMAN, Ettie. Mariette aan 'n lyntjie. Johannesburg: Dagbreekboekkring, 1977. R2,75
- Meisie in die reën. Randburg: Pronk-Boekklub, 1977.
- COETZEE, John. Die brand by Wilgemeer. Kaapstad, Tafelberg, 1977. R3,95
- DE VILLIERS, Reinette. Anderkant die reënboog. Krugersdorp: President, 1978 R1,50
- Geen groter liefde. Randburg: Pronk-boekklub, 1977.
- DIRKS, Cor. Ben Opperman van Hoogland; 2de uitg. Johannesburg: Perskor, 1977.
- FOURIE, Pierre. Marie Antoinette. Johannesburg: Voortrekker-boekklub, 1977. R2,75
- HARMSE, Jan. Die wonderwerke van Judas Iskariot en ander vertellings. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R4,95
- HEESE, Hester. Frans se vyf dae in Desember. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R3,95
- HENDRIKS, R. Bloed oor die Molopo. Johannesburg: Sirkelpublikasies, 1977 R0,50
- HILL, Dorothy. Martha en die Meester. Kaapstad, Tafelberg, 1977. R3,50
- LAMPRECHT, I.D. Die liefde se skyn. Krugersdorp: President, 1978. R1,50
- LANGE, Mona. Kringe op die water. Kaapstad: H&R., 1977.
- McCALLAGHAN, Marilee. Die wind in September. Johannesburg: Voortrekker-boekklub, 1977. R2,75
- PAULA. Kosbaar soos korale. Randburg: Pronk-boekklub, 1977.
- PIETERSE, Annemarie J. Lokstem van die moeras. Krugersdorp: President, 1978. R1,50
- PRINSLOO, Mara. Laat vreugde. Krugersdorp: President, 1977. (President-boekklub)
- RADLOF, Stefan. Mevrou die goewerneur. R3,50
- SITA. Klipsop (in die verbygaan). Johannesburg: Perskor, 1977. R3,95
- STRYDOM, M. Mense met maskers. Pretoria: Van der Walt, 1978. (Keurbiblioteek).
- SWART, Heila D. Janie van Driespruit. Randburg: Siësta, 1978.
- VAN NIEKERK, Johan. Kavalier van die Bergrivier. Pretoria: Van der Walt, 1978. (Treffer-Boekklub).
- VAN ROOYEN, W.F. Die Ramshoring. Johannesburg: Perskor, 177. R5,95
- VAN SCHALKWYK, Nickey. Indringer op Groenkloof. Pretoria: Van der Walt, 1977.
- VAN WYK, Schalkie. Die liefde oorwin. Pretoria: Van der Walt, 1977. R2,40

Vertaalde Romans

- BARRING, Ludwig. Geheime agente en spioene. Pretoria: Op Safari, 1977. Twee dele. (Makro-boeke)
- BENTEEN, John. Die een se dood; in Afrikaans vert. deur Ray Knox. Selby: Olympos (1977). R1,50
- CARTER, John. In die nes van die adelaar; in Afr. vertaal deur Phillip Heinrich. Kaapstad: Oude Molen, 1977.
- CHASE, James Hadley. Angs vir die skuldiges; in Afrikaans vertaal deur Ray Knox. Selby: Olympos, (1977). R1,95
- Die klou van die aap; in Afrikaans vertaal deur Pieter de Vos. Johannesburg: Brandwagpers, (1977).
- Wie laaste lag is skoppensboer; in Afrikaans vertaal deur Mike Heine. Selby: Olympos, (1977). R1,75
- EDSON, J.T. Bloedspoor na San Antonio. Selby: Olympos, 1977. R1,55
- FITZPATRICK, Percy. Jock van die Bosveld. Pretoria: Van Schaik, 1977.
- FLEMMING, Ian. Van Rusland met liefde; in Afrikaans vertaal deur Stefan Radlof. Selby: Olympos, (1977).
- GORDON, Ethel. Onheil oor La Ferme; in Afrikaans vertaal deur Ray Knox. Selby: Olympos, (1977). R1,75
- GREY, Zane. Moordruiters; in Afrikaans vertaal deur Stefan Radlof. Selby: Olympos, (1977). R1,75
- HIGGINS, Jack. Die donker straat; in Afrikaans vertaal deur Koch le Roux. Selby: Olympos, (1977). R1,60

- KUHN, Isobel. Die hoë pad; uit Engels vertaal deur Jeanne Albertyn. Piet Retief: Fonteine, 1977.
- KONSALIK, Heinz G. Sikinika beveil; uit Duits vertaal deur Louis Herbst. Kaapstad: Romanticapers, 1977.
- MACLEAN, Alistair. Die dood het 'n wit weerkaatsing; in Afrikaans vertaal deur Ray Knox. (Johannesburg): Olympos, 1963.
Oorspronklike titel: Ice station zebra.
- MARLOWE, Dan J. Jy lewe net een keer; vertaal deur Jan Strydom. Selby: Olympos, (1977). R1,75
- SMITH, Wilbur. As die donderweer dreun; in Afrikaans vertaal deur Johann Swanepoel, Johannesburg: Olympos, 1977. *Oorspronklike titel:* The sound of thunder. R2,85
- Wolf, wolf; in Afrikaans vertaal deur Johann Swanepoel. Johannesburg: Olympos, 1977. *Oorspronklike titel:* Cry wolf. R2,85

Jeugverhale

- LIEBENBERG, P. Die heuningvoëltye. Pretoria: Op Safari, 1977. ('n Mini-makro-boek)
- MARAIS, Annalou. Fransie, Sannie en die skaapdief; (illus. deur Lydia Hildebrand). Piet Retief: Fonteine, 1977.
- Kind uit die nag; (illus. deur Johanna König). Piet Retief: Fonteine, 1977.
- SCHOONRAAD, Corrie. Ontmoeting by die swembad. Kaapstad: N.G. Kerk-uitg., 1977.

Vertaalde Jeugverhale

- HALL, Lyndoll Bedford. Hamlet en Kimberley se groot reis; tekening deur Tony Grogan; vertaal deur J.H. Fourie. Craighall: Alston & Nilon, 1977. R3,30
- HEYMANS, Magriet. Jan Klaassen en die rowerskind: 'n verhaal van Clown Woudi; oorvertel deur Marijke Reesink; vertaal deur Adrie Pillans. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R3,25

Vertaalde Dramatekse (Toneel, Radio, Televisie)

- FUGARD, Athol, en DEVENISH, Ross. Die Besoeker: 'n episode in die lewe van Eugène Marais; vertaal deur Wilma Stockenström. Johannesburg: Donker, 1977. R3,50
- ✓ SOPHOKLES. Elektra; vertaal deur Theo Wassenaar met 'n inleiding deur prof. J.P. Louw. Johannesburg: Perskor, 1977. R2,50
- SHAKESPEARE, William. Keurverhale van Shakespeare; vertel deur Bernard Miles; geïllustreer deur Victor G. Ambrus. Kaapstad: Drommedaris, 1977. R7,60
- VAN BOMMEL-KOUW, Christien en BAKKER, Henk. Rabbedoe: 'n blyspel in drie bedrywe; uit die Nederlands vertaal deur Susie Mey-Viljoen. 3de hers. oplaag. Johannesburg: Dalro, 1974.

Studie oor die Drama, ens.

- BOTHA, Teunis. Die opvoedkundige teater — 'n verkenning. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O., 1976. (Wetenskaplike bydraes...; Reeks H: Intreerendes Nr. 4.

Poesie

- ✓ DU PLESSIS, I.D. Kaapse Moppies. Johannesburg: Perskor, 1978. R6,95

Fotobundel met teks

- ✓ DE VRIES, A.H. Die Klein Karoo: 'n legkaart; foto's deur Paul Alberts. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R15,00

Bloemlesing

- OPPERMAN, D.J. Groot Verseboek. Sewende uitgawe. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R7,95

Letterkundige Studies en Kritieke

- COLLEGE OF CAREERS. Aantekeninge oor Halfeeu; (red. P.G. du Plessis) opgestel deur Lydia Pienaar. Kaapstad: Die Kollege, 1977.
- COMBRINK, J.C. Vrae en kommentaar oor voorgeskrewe gedigte; Deel V. Potchefstroom, Pro Rege, 1977. R1,00
- KLERK, P.F. de, en ESTERHUIZEN, B.J. Kontekstuele hersieningsoefeninge in Standerds 9 en 10: Afrikaans eerste taal Hoër Graad, Kaapstad: Miller, 1977.
- ✓ KOORNHOF, P.G.J. Langenhoven, die veelsydige. Port Elizabeth: Universiteit, 1977 (Seminare, simposia en lesings B4).
- ✓ SMUTS, J.P. Hoe om 'n Roman te Ontleed. Blokboek no. 27. Kaapstad: Academica, 1977. R1,20

Nederlands

- CLAUS, Hugo. Een bruid in de Morgen; aantekeninge deur André P. Brink. Pretoria: Academica, 1977. R4,50
- ✓ REM'DERS, L. De Nederlandse taal- en literatuurstudie in Zuid-Afrika, 1960-1976: een voorlopig bestek. Port Elizabeth: Universiteit, 1977. (Bibliografie Nr. E. 1)

Werke deur en oor A.G. Visser

- NATIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM EN NAVORSINGSENTRUM. A.G. Visser: plakkate. Bloemfontein: Die Museum, 1978. 14 plakkate. R1,50
- VISSER, A.G. A.G. Visser in woord en beeld, onder redaksie van E.A. Venter. Potchefstroom: Skrywer, 1978.
- ✓ — Kinderkeur uit A.G. Visser; byeengebring deur D.J. Opperman met illustrasies deur Katrine Harries. Pretoria: Van Schaik, 1977. R3,75
- Selected Verse of A.G. Visser; edited and translated by J. Podbrey Pretoria: Van Schaik, 1978.

Outobiografie

- ✓ MALHERBE, F.E.J. Agter die oomblik. Johannesburg: Perskor, 1978. R8,75

Woordeboeke en Woordelyste

- BURGER, A.P. Lys van akoestiekterme: verklarend, Afrikaans—Engels, Engels—Afrikaans, Pretoria: Departement Argitektuur, U.P., 1976.

Taalkunde

- ✓ KRUGER, C.J.H. Aspekte van die woordgroepstruktuur. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O., 1976.
- VAN SCHALKWYK, H. en VIVIERS, D.A. Taalkommunikasie Afrikaans. Kaapstad: Maskew Miller. 1977.

Ander werke van belang

- BYBEL. Die Groot kinderbybel in kleur; in Afrikaans oorvertel deur P.D. Swart ...; met illus. deur Ken Petts, e.a. Roodepoort, Christelike Uitgewersmpy., 1977.
- FERREIRA, O.J.O. Krijgsgevangeneschap van L.C. Ruijssenaers 1899—1902. Pretoria: R.G.N., 1978.
- GROBLER, C.L. Die eerste vyf geslagte Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika. Potchefstroom, die skrywer, (1977).
- KITSHOFF, Nancy. Vyftig rympies vir die ooievaarstee. Pretoria: Bezuidenhout, 1977.
- LINDBERG, G. en LINDBERG, M. Ons en ons wêreld: 'n moderne kinderensiklopedie in kleur; Afrikaanse teks deur Herna de Villiers; illus. deur Bo Mossberg en Wels Stodberg. (Johannesburg): Systems for education, (1977).
- STRYDOM, F.W. Die Swart verskrikking: die verhaal van Tsjaka en sy volk van die hemele. Johannesburg: Perskor, 1977. R5,50
- VAN SCHOOR, M.C.E. en EALES, M. Handleiding by die saamstel van werkstukke; onder

- redaksie van P.G.J. Overduin. Bloemfontein: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, U.O.V.S., 1977.
- VAN DER WALT se ensiklopedie vir kinders; vert. en geredigeer deur Louis Eksteen. Pretoria: Van der Walt, 1977.
- VILJOEN, H.C., e.a. Viljoen-gedenkboek. Stellenbosch: Viljoen-familiebond, 1977.
- | | |
|-----------|--------|
| Sagteband | R12,00 |
| Hardeband | R15,00 |
- VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK. Gids op aanwinste ... Pretoria: Staatsargief, 1977.

V&R Pta.